

C O N S T A N T I J N   H U Y G E N S

E N   D I E

S K I L D E R K U N S .

deur

P E T R U S   G E R H A R D U S   N E L .

VOORGELEË TER VERVULLING VAN 'N DEEL  
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD  
MAGISTER ARTIUM  
IN DIE FAKULTEIT  
VAN  
LETTERE EN WYSBEGEERTE.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,  
PRETORIA.

AUGUSTUS 1955.

„Het soet Pinceelenwerck bemin ik van der jeughd  
en houdt het in den Mensch de nutste kunst en  
deugd....."

(Constantijn Huygens).

Vgl. „Pen en Penseel"  
bl. 210, 's-Gravenhage  
1947.

\* \* \* \* \*

„Bij wijlen was 'tGesicht de besighst onser sinnen,  
Pen en Penceelen-kunst, die w'elck om 't zeerst  
beminnen,  
In Doecken of Papier elck na sijn eigen aerdt  
In Kas of Cabinet ordentelijk vergaert".

„Huygens Gedichten",  
Deel VIII, bl. 309.

VERKLARING VAN AFKORTINGS.

R.G.P. = Rijks Geschiedkundige Publicatiën.

Briefwisseling van Constantijn Huygens, (1608-1687)

Uitgegeven door dr. J.A. Worp.

R.G.P. 15	=	Eerste Deel	(1608 - 1634).
R.G.P. 19	=	Tweede Deel	(1634 - 1639).
R.G.P. 21	=	Derde Deel	(1640 - 1644).
R.G.P. 24	=	Vierde Deel	(1644 - 1649).
R.G.P. 28	=	Vyfde Deel	(1649 - 1663).
R.G.P. 32	=	Sesde Deel	(1663 - 1687).

INHOUDSOPGAWE.

	bladsy.
Verantwoording. . . . .	vi
Inleiding . . . . .	1
Lewenskets van Constantijn Huygens. . . . .	3
Huygens se opleiding en belangstelling in die skilderkuns. . . . .	8
Huygens getuig self. . . . .	12
Huygens, Jan Lievens en Rembrandt. . . . .	23
Huygens, die Oranje-Huis, en die skilders van sy tyd . . . . .	35
Die laaste lewensjare van Constantijn Huygens . . . . .	58
Besluit . . . . .	62
Lys van geraadpleegde literatuur . . . . .	63

V E R A N T W O O R D I N G .

Om in Suid-Afrika 'n selfstandig wetenskaplike studie oor die 17de eeuse wêreldbürger, Constantijn Huygens, te skrywe, is 'n haas onbegonne taak. Want nie alleen ontbreek dit ons hier aan argiefstukke en dergelike oorspronklike geskrifte -- wat die sfeer van navorsing vir die student oneindig verbreed -- nie, maar selfs die literatuur en bronne oor Huygens is hier uiters beperk, vergeleke met dié wat die student in Nederland tot sy beskikking het.

Ten einde te voldoen aan die vereistes wat gestel word vir 'n verhandeling vir die Magistersgraad, nl. „die verhandeling moet bewys lewer dat die kandidaat in staat is om selfstandig wetenskaplik ondersoek in te stel en uit te voer,“<sup>1)</sup> is ons gelukkig genoeg om te beskik oor die waardevolle uitgawe van Huygens se briefwisseling. Hierdie briefwisseling van Huygens vorm dan ook die grondslag van dié verhandeling ten opsigte van selfstandig wetenskaplike werk, en uit die aard van die saak is die ander geraadpleegde literatuur in 'n sekere sin bysaak.

\* \* \* \* \*

---

1) Vgl. Universiteit van Pretoria, Jaarboek 1955, bl.84, G.27 (a).

## I N L E I D I N G.

Toe die beroemde digter, Cats, aangekondig het: „Hier coomt een nieuwe swaen met onghemeene pennen, Hier coomt een hoogher gheest door onse landen rennen,"<sup>1)</sup> het hy volkome gelyk gehad, want spoedig sou hierdie „swaen", Constantijn Huygens, wêreldbürger, Hollander in merg en been, kwekeling van die Humanisme -- dog oortuigend Calvinis, sy hele land en Europa imponeer.

Gebore en getoë onder die vlag van die Republiek, en geïnspireer deur die roemryke dade van die Oranjes, het hy soos sy voorgeslagte, die tradisies van die verlede heilig en ongeskonde uitgebou en gehandhaaf. Vir meer as sestig jaar lank, tot sy dood toe in 1687, het Huygens 'n steunpilaar van sy volk gebly, in diens van die Vorstehuis, waar hy die skakel was tussen die Oranjes en sy volk en die buite-wêreld. Nooit het hy, te midde van versoekings, in sy groot offervaardigheid, liefde vir sy amp, getrouheid en beginselvastheid, geswig voor die magte van Mammon nie, maar onbesproke van gedrag en karakter het hy die ideale en beginsels van sy volk onderskryf en gedien in hulle opstand teen Spanje en daarna.

So deureengewef met die kultuurstrominge en -aspekte en staatkundige betrekkings van die 17de eeu het sy naam geraak, dat die 17de eeu sonder Huygens byna ondenkbaar geword het. Op bykans elke aspek van die lewe en sy kultuur het hy sy stempel onuitwisbaar afgedruk, soos die letterkunde, medisyne, beeldhoukuns, boukuns, skilderkuns, staatkunde, godsdiens e.d.m. In sy grote alsydigheid en werkvermoë het hy steeds sy gees verruim en verryk, wat hom gevrywaar het van geestelike isolement.

Wie vertrouwd is met die mens Huygens, en 'n fasetryke studie van hierdie wêreldfiguur gemaak het, ken die 17de eeu -- die Nederlandse Goue Eeu. Daarom is dit nie slegs die oorgelewerde roem en erfenis van Huygens wat hom so 'n eksponent van sy eeu, en 'n onsterflike figuur vir sy volk gemaak het nie, maar die persoonlike belewenis van sy werk deur die nageslagte regverdig ook die eer en lof wat hierdie man toekom. Temidde van alle vorme van piëteit en huldebtoon, is persoonlike kennismaking met sy lewe en werk

---

1). Vgl. Kalff: „Constantijn Huygens", bl. 164.  
en „Huygens Gedichten" I bl. 312.

die beste manier om sy nagedagtenis te eer.

Om 'n geïntegreerde, fasetryke beeld van die mens Huygens te gee, is 'n haas onbegonne taak. Veel studies is gewy aan die verskillende aspekte van sy lewe, dog een van die mees onontgonne gebiede is seker die groot rol wat hy in die skilderkuns van die 17de eeu gespeel het. Wie sou dan ooit kon dink dat hierdie groot gesant en administrateur in sy drukke werksaamhede as Sekretaris van die Oranjes, terselfdertyd met soveel ongeëwenaarde liefde en toewyding sou optree as beskermer van die beeldende kunste? Nog te meer, hy het hom deurgaans openbaar as 'n groot kenner (nie soseer tegnies as waarderend nie) van die skilderkuns, in so 'n mate dat die merendeel van die skilders na hom opgesien het as „vader van die coenste”.<sup>1)</sup>

Die Oranjes het ongetwyfeld 'n groot steun gehad in hierdie Sekretaris van hulle, en dit is onmiskenbaar dat Huygens deur sy belangrike posisie groot invloed gehad het op die ontwikkeling van die kunste in dié tyd. Voorbeelde hiervan is talryk in sy korrespondensie, waaruit blyk dat hy opdragte vir verskillende kunstenaars by die Oranjes verkry het en ook dat hy self kunswerke vir die Huis van Oranje aangekoop het. Van uiters groot belang is dus sy algemeen kunssinnige aard. Sy kreatiewe gees het nie net genoeg geneem met die belangstelling alleen nie, maar het ook verskillende kunste beoefen, soos musiek, argitektuur, skilderkuns, ens.

In hierdie studie sal derhalwe gepoog word om Huygens se aansienlike aandeel tot die bevordering van die skilderkuns van die 17de eeu -- die eeu toe die geestelike en stoflike prestasies geen perke geken het nie -- te belig; om aan te toon hoe hy getrag het om die aansien van die beroemde Oranje-Huis te verhoog met die beste kunsproduk wat die skeppers in staat was om te lewer; en hoe hy, met sy groot kennis van die skilderkuns, opgetree het as 'n onontbeerlike skakel tussen die Huis van Oranje en die skilders van die 17de eeu.

---

1). Hierdie krediet kom Huygens beslis nie toe nie. Klaarblyklik is dit maar tipies van daardie tyd en 'n kenmerkende vleierey van die skilders om in Huygens se guns te kom en sodoende by hom bestellings te kry vir die Oranje-Huis.



## LEWENSKETS VAN CONSTANTIJN HUYGENS.

Hierdie „getrouw dienaar der Oranje's en oprecht Geuzen-kind“,<sup>1)</sup> het sy eerste lewenslig aanskou op 4 September 1596, te 's-Gravenhage, in die huurhuis van 'n sekere Bol<sup>2)</sup> in die Nobelstraat.

Die Huygensgeslag is van Brabantse afkoms. Constantijn se vader het Christiaan geheet en sy moeder was Susanna Hoefnagel, afkomstig van 'n skatryk geslag van koopliede en handelaars in Antwerpe.<sup>3)</sup> Uit hierdie huwelik is ses kinders gebore. Benewens Constantijn was daar nog sy oudste broer Maurits (geb. 12 Mei 1595) en vier jongere susters, naamlik Elizabeth, Geertruyd, Catharina en Constantia.

Maurits en Constantijn het die sorgvuldigste opvoeding gehad waaraan 'n mens maar kan dink. Hulle vader, Christiaan, was reeds op sewe-en-twintigjarige ouderdom al Sekretaris van Prins Willem I.<sup>4)</sup> Dan was hy 'n baie verstandige man wat veel van die wêreld gesien en 'n groot voorliefde gekoester het vir die wetenskap en kuns, dog temidde hiervan het hy veel van sy vrye tyd aan die opvoeding van sy kinders gewy. Inderdaad het hierdie gryse vader later die vrug op sy arbeid gesien toe hierdie twee seuns van hom, tenvolle toegerus vir hul lewens-taak, hul plekke kon volstaan in diens van hulle land en volk.

Oor die kinderjare van Constantijn Huygens kan daar veel gesê word, dog besonderhede daarvan is nie hier ter sake nie. Slegs enkele besonderhede sal by stilgestaan word.

Dis 'n bekende feit dat Constantijn se ouers albei baie musikaal was.<sup>5)</sup> Geen wonder dan dat die beginsels van musiek ook vroeg by hulle kinders tuisgebring is nie. „Mijn vader leerde mij de musiek in ses weken“,<sup>6)</sup> skryf Constantijn. Tot

- 
- 1.) Sien Kalff: „Constantijn Huygens“, bl. 1.
  - 2.) Naam nie ingevul nie. Vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“, bl. 14.
  - 3.) Vgl. R.G.P. No 15, Inleiding bl. XXIX.
  - 4.) Later: Sekretaris van die Raad van State: Jorissen: „Constantijn Huygens“, bl. 1 - 8.
  - 5.) Jorissen: „Constantijn Huygens“, bl. 9. Ook R.G.P. No. 15 Inleiding.
  - 6.) Ibid.

sy dood toe het hy 'n groot liefhebber van die musiek gebly. Hierna volg die studie van Frans, Latyn, Letterkunde, Grieks ens.

„De ‚zittende‘ leervakke telkens weer te laten afwisselen met oefeningen, die lichaam en geest verfrischten, was iets van het grootste belang in vader's oog”,<sup>1)</sup> skryf Constantijn. Hy vertel ook hoedat sy vader hulle aangemoedig het om deel te neem aan veldspele soos spring, hardloop en jag;<sup>2)</sup> dog, wat Constantijn, ondanks al sy moeite en opofferings nooit volkome onder die knie kon kry nie, was die swemkuns, want „ik raak terstond vermoeid en mijn krachten begeven mij .....”<sup>3)</sup>.

Vader Christiaan het deurgaans die taak van die opvoeding van sy seuns op hom geneem. Met sorgvuldigheid het hy hulle leermeesters gekies en veral gewaak teen „vervelende”<sup>4)</sup> onderwys. Ten gevolge hiervan het daar 'n hartlike weersydse vertroulikheid bestaan tussen Constantijn en sy ouers. Hoe hy sy vader vereer en liefgehad het, spreek onwillekeurig uit sy „Cluys-werck” (1683),<sup>5)</sup> toe hy self al 'n grysaard was:

„Wat heeft hij wel geweten  
die dertich jaeren schier mijn wijze vader was,  
en om de zeventich en vier mij noch te ras  
ter tijd uyt wierd geruckt!”

In die jare 1616 - 1617 studeer Huygens in die Regte aan die Leidsche Akademie;<sup>6)</sup> hy het nooit gepromoveer nie, maar het in 1617 afskeid geneem „met een Latijnsche disputatie”.<sup>7)</sup> Verder het hy hom toegelê op die ontsyfering van geheimskrif, vele Franse versies geskryf en 'n grondige studie gemaak van Aardrykskunde en Natuurkunde.<sup>8)</sup>

---

1) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens”, bl. 49.

2) Ibid, bl. 49 - 51.

3) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens”, bl. 49.

4) R.G.P. 15. Inleiding.

5) Constantijn Huygens: Gedichten VIII bl. 309.

6) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens”, bl. 127. Ook R.G.P. 15. Inleiding bl. XXXIII - XXXIV.

7) Opgevoed in 'n hoog-beskaafde omgewing, vol verfyndheid en kunssin, kon Huygens hom nie versoen met die ruwe sedes van baie van sy tydgenote aan die Universiteit nie. Vgl. R.G.P. 15 bl. XXXIV.

8) R.G.P. 15 Inleiding bl. XXXII.

Gedurende 1620 - 1624 het Constantijn verbasend baie ervaring en kennis opgedoen in die buiteland<sup>1)</sup> toe hy as Sekretaris, verbonde was aan verskillende gesantskappe. Onder meer het hy in 1620 die gulde geleentheid gehad om hom te bekwaam vir diplomatieke diens, toe hy Francois van Aerssen, op las van die Republiek der Vereenigde Nederlanden, na Venetië vergesel het.<sup>2)</sup> Hierdie reis het ongetwyfeld 'n onuitwisbare stempel op die jongman se lewe afgedruk.

Op 18 Junie 1625 is Constantijn deur Frederik Hendrik tot sy sekretaris benoem<sup>3)</sup> en het sedertien tot sy dood in diens van die Huis van Oranje gestaan; sedert 19 Oktober 1630 het hy ook sitting gehad op die Raad van die Prins.<sup>4)</sup>

Constantijn Huygens het in 1639 in die huwelik getree met sy niggie, Susanna van Baerle, wat hom tien jaar later ontval het.<sup>5)</sup> Uit hierdie kortstondige, maar gelukkige huwelik is vier seuns en een dogter gebore. Die tweede oudste, Christiaan, het later die wêreldberoemde natuurkundige geword.

Met verloop van jare het Huygens geleidelik gevorder tot 'n man van aansien en invloed. In 1622 is hy in Engeland deur Jacobus I tot Ridder geslaan; in 1632 deur die Koning van Frankryk in die Orde van St. Michael opgeneem, en in 1634 ontvang hy as geskenk van Prins Frederik Hendrik 'n stuk grond aan die huidige Plein in Den Haag, waar hy vir hom 'n sierlike woning laat bou het.

Na die dood van Willem II (6 November 1650) het 'n uiters moeilike tydperk vir Huygens aangebreek, deurdat hy gemoeid geraak het in die stryd tussen die Weduwee van Willem II, Maria Stuart, en Amalia van Solms,<sup>6)</sup> weduwee van

- 
- 1.) Hy het o.a. Italië, Engeland en Switserland besoek.
  - 2.) R.G.P. 15 bl. XXXVIII (Inleiding).
  - 3.) Jorissen: Constantijn Huygens, onder „Aanstellingen van Constantijn Huygens" bl. 386 - 389.
  - 4.) Ibid.
  - 5.) Sy is oorlede kort na die geboorte van hulle vyfde kind, Susanna.
  - 6.) Dr. Worp (R.G.P. 32 Inleiding bl.X) kenskets hulle as: „de hartstochtelijke, maar ernstige Prinses Douairière en de trotsche, koele, maar tevens lichtsinnige Prinses Royale".

Prins Frederik Hendrik, oor die voorgdyskap van die latere stadhouer, Willem III. Hierna het aangebreek wat bekend staan as die, stadhouerlose tydperk'. Gedurende hierdie periode is die nougesette dienaar van die Oranje-Huis, Huygens, begryplikewyse in 'n hoë mate in die agtergrond gestoot. Desnieteenstaande het hy met ononderbroke en onverfloude ywer en liefde die belange van die Vorstehuis behartig. So het hy o.a. vier jaar lank (1661 - 1665) in Parys vertoef waar hy eindelose onderhandelinge gevoer het oor die teruggawe van die Prinsdom Oranje, wat deur Lodewyk XIV verower is. Ondanks teenslae en verskillende struikelblokke het Huygens volkome in hierdie onderneming geslaag.<sup>1)</sup>

Toe Willem III in 1672 tot stadhouer benoem is, was Huygens reeds 75 jaar oud, dog hy was geestelik en liggaamlik nog so sterk en gesond<sup>2)</sup> dat hy tot sy dood toe -- vyftien jaar later, sy gewigtige amp kon beklee sonder om tekens van verslapping te toon. Hierdie jaar, 1672, het vir Huygens weels geluk gebaar. Op 25 Februarie, het die jong Prins Willem III die eed afgelê as Kaptein-generaal en die gryse digter en volksvader het gejuig in 'n Latynse vers<sup>3)</sup> dat daar 'n einde gekom het aan die langdurige vernederings wat die Oranjes moes ondergaan en dat dié jong Vors weer die hoë posisie kon inneem wat sy voorvaders vir soveel geslagte beklee het. Huygens se seuns, wat deur al die jare van die stadhouerlose tydperk stelselmatig van hulle ampte beroof is, het nou weer hulle plekke ingeneem. Vader Constantijn het sy hande vol gehad as Voorsitter van die „Raad van die Prins". Onder andere was hy ook belas met die leer- en regimentelyste.<sup>4)</sup>

Gedurende die laaste jare van sy lewe het Huygens hom beywer vir die afbreek van die permanente skavot<sup>5)</sup> in Den Haag, iets wat hy voorheen ook probeer het omdat dit

---

1.) R.G.P. (32) Inleiding bl. XII.

2.) Dit, tenspyte van sy swak gesig wat sedert 1623 al gedreig het tot algehele blindheid. Vgl: Jorissen: „Constantijn Huygens" bl. 22.

3.) Gedichten VIII bl. 76.

4.) R.G.P. (32) Brief No. 6851 van H. van Beverningh.

5.) R.G.P. (32) Briewe No. 6944 en 6952.

die skone buurt so ontsier het, maar wat egter van baie groter belang is, is Huygens se onvermoeide strewe na die herinstelling van die orrelgebruik in die Protestantse kerke in sy land.

Begaafd met buitengewone werkkrag -- al behoort hy nie tot die sterkste nie -- het Huygens geen minuut verkwis nie. Wanneer die Prins hom nie nodig had vir die skrywe van briewe of ander sekretariële dienste nie, het hy homself besig gehou met persoonlike korrespondensie of die skrywe van verse. In 1632 het hy o.a. begin met 'n outobiografie, hoofsaaklik bestaande uit sy jeugherinneringe en mededelings van ander. Jammer genoeg vir ons, het hy hierdie lewenskets nie voltooi nie, maar tog het hierdie fragmentariese werke van hom vir ons kosbare kykies gegee in die kinderlewe van daardie tyd, wat vol en ryk was met veel afwisseling.

Op 4 September 1686 het hy sy negentigste verjaarsdag gevier. Maar sedert 'n geruime tyd het hy geoordeel: „Komt, Heere, 't is genoeg",<sup>1)</sup> waarskynlik nie soseer omdat hy aan jиг gely het nie, maar omdat hy gevoel het dat sy aardse taak haas afgehandel was. Op 28 Maart 1687 het Constantijn Huygens die tydelike met die ewige verwissel. Hy is op 4 April „met een Staetsie van 14 à 15 Rouwkoetsen, verligt door vele Flambouwen," te 's-Gravenhage ter aarde bestel.<sup>2)</sup>

---

1) Jorissen: „Constantijn Huygens" bl. 401; ook Huygens: Gedichten VIII bl. 344.

2) Ibid.

## HUYGENS SE OPLEIDING EN BELANGSTELLING IN DIE SKILDERKUNS.

Huygens was 'n eksponent van die 17de eeu, en daarom voel 'n mens dat jy onreg doen aan hierdie wêreldbürger wanneer jy trag om slegs een aspek van sy grote alsydigheid te belig. Ons sê hy is wêreldbürger, maar dit doen nog nie afbreuk aan die feit dat hy onteenseglik Hollander in merg en been was nie! In die veelsydige ontwikkeling van sy ryke gawes is hy deur die leke bestempel as 'n skrande medisyne-meester. Hy was 'n uitmuntende ambassadeur vir sy volk, nie net deur sy imponerende persoonlikheid, intellektuele rypheid, kunssinnigheid en ander gawes nie, maar ook deur sy grote godvrugtigheid en onwrikbare geloof. Orals waarheen hy hom begeef het, soms onder die moeilikste omstandighede, het hy die Hollandse vlag hoog gehou. Inderdaad was hy 'n belangwekkende persoon as dienaar van die Oranjes, gesant, digter, komponis, geleerde, filoloog en kunskenner, onvermoeid arbeidsaam met 'n lewende belangstelling in die ryke lewe van sy tyd.<sup>1)</sup>

Ook vir die beeldende kunste het Huygens 'n groot liefde en belangstelling gehad. Reeds op baie jong leeftyd het sy vader hom die beginsels van die skilderkuns laat leer. Ons sê „laat leer“, want in weerwil van sy vader, Christiaan, se alsydigheid en uitstaande opvoeding, was die skilderkuns een van die weinige onderwerpe waarvan hy „geen verstand had,“<sup>2)</sup> 'n feit wat hy sy ganse lewe lank betreur het want hy het dikwels gesien dat andersins talentvolle mense weens hulle gebrek aan kennis „werden uitgelachen, in een tijd dat men in elk huis schilderijen aantrof.“<sup>3)</sup> Om te vergoed vir sy eie onkunde in hierdie vak, en ten einde sy seuns van 'n soortgelyke verleentheid te vrywaar, het Christiaan sy seuns laat oplei in die teken- en skilderkuns. Aanvanklik het hy getrag om Jacob de Gheyn te kry vir hul leermeester, maar toe hy weier, het Christiaan sy toevlug geneem tot Hendrik Hondius. By sy neef, Jacob Hoefnagel, 'n bekende kunstenaar wat 'n lang tyd in Weenen was, het

---

1) Kalff: „Constantijn Huygens“ bl. 1 - 2.

2) R.G.P. (15) Inleiding bl. XXXII. Ook Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 65.

3) R.G.P. (15), Inleiding bl. XXXII.

Constantijn ook iets van „het fijnereschilderen met waterverf“<sup>1)</sup> geleer. Ook boetseerwerk het Constantijn aangeleer. Jacob Hoefnagel se vader, Joris, is deur kunsliefhebbers en latere korrespondente van Constantijn Huygens hoog aangeprys. In 1647 het 'n kunsliefhebber aan Constantijn 'n „zeer loffelike ende curueuse teykeninge van den wijt beroemde verlichter ende fraeije schilder Hoefnagel“<sup>2)</sup> gestuur. Dit was 'n bloemstuk.

Tenspyte van 'n groot vaardigheid in en aanleg vir die beeldende kunste wat Constantijn Huygens openbaar het, sien ons dat hy dit selde of ooit beoefen het;<sup>3)</sup> nogtans het hy 'n groot liefhebber en kenner van die skilderkuns geword, sodat hy reeds in 1631 die grootheid van die „baardelose“ jongelinge, Rembrandt en Jan Lievens, voorspel het.

Uit sy briewe blyk dit dat Constantijn Huygens sy hele lewe deur met talle skilders in betrekking gestaan het. „.....ik heb namelijk de gewoonte omde vriendschap te zoeken van mannen van naam,..“<sup>4)</sup> skryf hy in sy outobiografie van 1632.

Aangaande sy kunsleermeester Hendrik Hondius, getuig Huygens dat dié 'n sagsinnige en regskepe persoon was wat nie „onbedrewe“ in die kuns was nie en wat aangebore vermoë besit het om les te gee aan „Welopgevoede jongelieden“. Maar in dieselfde asem beken Huygens dat Hondius na sy mening slegs bedrewe was in dië rigting van die kuns wat hy self beoefen het, en dat hy weinig begrip gehad het van die wat die student die meeste nodig gehad het; „ik bedoel niet in de kunst om allerlei vormen en houdingen van menschen en dieren en evenzoo de gedaante van boomen, rivieren, bergen en dergelijke zaken, die men in een landschap ziet, met lichte, frissche en levendige lijnen snel weer te geven“<sup>5)</sup>

---

1) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 68.

2) R.G.P. (24), bl. 440, brief no. 4713.

3) Teencor dr. Worp se „selde of ooit“ beweer Huygens dat hy die skilderkuns tog „nu en dan“ beoefen het. Vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“, bl. 67.

4) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“, bl. 68.

5) Ibid. bl. 66.

Aangaande Hondius se graveer-tegniek, meld Huygens dat die tekening op koper baie harder was, sy lyne strak en geskik om uitdrukking te gee aan alles wat staties is soos geboue, pilare ens. Geen wonder dus dat Hondius nie so suksesvol was in sy pogings om losse en beweeglike dinge in voorwerpe soos blare, struike ens. te skilder of om die bekoring daarvan uit te beeld nie. Hierdie treffende stelling van Huygens werp nie alleen lig op die kunstegniek van sy leermeester, Hondius, nie, maar is ook in 'n groot mate 'n weer-  
speëling van Huygens se karakter, sy kritiese ingesteldheid, sy verbasende kennis van en die belangstelling in die skilderkuns.

In weerwil van hierdie kritiek op sy leermeester, meen Huygens tog dat die drie maande se studie onder hom vir hom nie heeltemal nutteloos was nie, want „hij had iets in zijn persoonlijke opvatting, dat voor den nieuweling van belang was te weten“. Te midde van sy veeleisende studie in die Regte, het Constantijn die tekenkuns beoefen. Vier jaar na hy sy „opleiding“ onder Hondius voltooi het, het hy gewaag om sy toevlug tot kleure te neem, maar sonder sy vader se medewete, want „hij zou het me zeker niet licht hebben toegestaan, omdat het me te veel van mijn studie afleidde“. Tog beweer Huygens dat hy goeie vordering in dié opsig gemaak het, want spoedig het hy sy ouers aangenaam verras met twee skilderytjies wat daarna in sy ouerhuis gepryk het.

Benewens sy studies wat soveel van sy tyd geverg het, het Huygens nog aan gesigswakheid begin ly, ten gevolge waarvan hy sy kunsuitinge voorlopig gestaak het; „voorlopig“, want soos reeds gemeld, het hy later onder leiding van sy neef, Jacob Hoefnagel, „fijnere“ waterverf-skilderye gemaak. Hierna moes hy heelwat kunswerkies voortgebring het, want hy praat van „verscheidene schilderstukjes, die ik van tijd tot tijd onder mijn vrienden heb uitgedeeld ....“<sup>1)</sup> Hy meen ook dat die meeste van sy kunsskeppinge in Nederland gevind kan word met uitsondering van een wat in Engeland agtergebly het. Huygens se vrou het 'n kunswerk van hom bewaar, wat op een tydstip die spil was waaróm vele gediggies tussen hom en Anna en Maria Tesselschade Roemers, beweeg het. Ongelukkig het hierdie briewe en versies

---

1) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“, bl. 66 - 68.



verlore geraak.<sup>1)</sup> Op hierdie stuk, skryf Huygens, het hy „twee hazelnooten, een eind kaars, een tabakspijp en, herinner ik mij wel, een vrij groote vlieg naar het leven stuk voor stuk zoo weergegeven, dat zij, behalve aan Hoefnagel en allen, die het bekeken, aan de beide De Gheyns ongeveinsde lofuitingen ontlokkten, die daarmee waarlijk niet scheutig waren".<sup>2)</sup>

---

1) R.G.P. (15) bl. 89.

2) Vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens", bl. 86 - 88.

In 'n interessante studie oor „Constantijn Huygens en die Schilders van zijn tijd“<sup>1)</sup> deur dr. H.E. van Gelder, beklemtoon hy onomwonde die feit dat Huygens 'n aangebore liefde vir die skilderkuns gehad het. Hierin wil hy ook 'n stelling van dr. A.S. Kok,<sup>2)</sup> nl. dat Huygens geen innige en opregte liefde vir die skilderkuns gekoester het nie, weerlê. Dr. Kok het hierdie gevolgtrekking geformuleer hoofsaaklik na aanleiding van Bilderdijk se mening dat „Huygens se smaak voor schilderkunst slechts aangenomens was, niet, als dien hy voor de muziek had, innig, innig en eigen ...“ Ook dr. J.A. Worp en W.J. Eymael het hierdie stelling weerlê<sup>3)</sup> deur aan te voer dat Huygens se sneldigte beslis nie 'n weerspieëling is van sy lewensbeskouing, of beliggaming van sy opvattinge ten opsigte van sekere onderwerpe is nie, inteendeel, dat hy soms met hierdie „opborrellende“ gedagtes van hom geneig was om die draak te steek met dinge wat hy baie hoog gestel het. So het hy byvoorbeeld op drie-en-tagtigjarige leeftyd geskryf in „De Vita propria“ oor: „De volle zuster de beminde Poëzie, de Schoone Schilderkunst ....“

Huygens kon nie woorde vind om die waarde van die skilderkuns te bepaal of op skrif te stel nie. Hy noem dit 'n „edel“ kuns, wat nie slegs 'n kuns van „sien is nie“ maar wel iets wat by die mens 'n geestes-beskawing inboesem.

„Hoe zal 'k die eedle kunst meer naar heur waarde roemen,  
Dan door eenvoudig haar de „kunst van zien“ te noemen?  
Zij boezemt aan den mensch een geestbeschaving in,  
Zoo groot, dat zij, die niets van haar beginsel's weten.  
Bij een beschaafd geslacht zelfs blinden mogen heeten“.<sup>4)</sup>

Afgesien van hierdie en dergelike uitlatings aangaande sy kunsopvattinge, in sy poësie, blyk sy lewende belangstelling in die skone kunste ook uit die honderde briewe wat hy gewissel het met die skilders van sy tyd, asook uit sy onvoltooide, reeds genoemde outobiografie van 1631 waarin hy uitwei oor, en

1) „Pen en Penseel“ bl. 205.

2) Ibid.

3) „Oud Holland“ 1896; Vgl. „Pen en Penseel“ bl. 185.

4) „Pen en Penseel“ bl. 205.

deskundige kritiek lewer op die werk van skilders. Belangstelling in 'n onderwerp of rigting wek liefde daarvoor en omgekeerd, en 'n onlesbare dors na kennis. Reeds op vyf-en-derftigjarige leeftyd het Constantijn Huygens al in sy „Vita" met gesag gepraat oor die meesters van sy tyd. Geen wonder nie, want afgesien van genoemde faktore wat hom hiertoe in staat gestel het, het hy sy hele lewe lank relasies gehad met skilders. Die merkwaardige beskildering van die Oranjesaal in die „Huis ten Bosch" was hoofsaaklik aan sy onontbeerlike raad en insig te danke.

Maar om terug te kom op Huygens se outobiografie. Tydens sy jeug, sê hy, is hy met sy studie van Grieks en Latyn besonder beïndruk deur die geskrifte van Caius Plinius. In Plinius se tyd is daar 'n wetgewing ingedien waarvolgens „vrijgeboren knapen"<sup>1)</sup> in die eerste plek in die tekenkunst (dit is skilder op palmhout!) onderrig sou word, en hierdie opleiding het gedien as die eerste trap tot bestyging van die vrye kunste. Verder voer Huygens aan dat die skilderkuns nog altyd in die eksklusiewe posisie gewees het dat slegs persone van goeie geboorte en afkoms dit mag beoefen het, „waarmee een eeuwigdurend verbod gepaard gaan, dat geen slaven daarin onderricht mochten ontvangen...."<sup>2)</sup> Geen wonder dus, aldus Huygens dat die skilderkuns hom so onderskei het dat niemand, „die slaaf was geweest" beroemde werk voortgebring het nie, maar ... „dat zij bij de machtigste heeren der aarde in de gunst staat en òf door aanzienlijken word beoefend, òf tot aanzien brengt al degenen, die zich met succes op haar toeleggen".<sup>3)</sup>

Hierdie „Vita" van Huygens bevat talryke kosbare mededelings en uitlatings oor die kuns van sy tyd. Nog groter is die betekenis van sy outobiografie ten opsigte van die skilderkuns as ons in aanmerking neem dat, soos ons dit teenswoordig ken, daar toentertyd nie so iets soos kunskritiek bestaan het nie. Daarom is Huygens se entoesiasme, die skerpsinnige opmerkings en, soms byna dwepende waardering van kunswerke,<sup>4)</sup> die juistheid daarvan en

---

1) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens" bl. 64.

2) Ibid. bl. 65.

3) Ibid. bl. 65 & 66.

4) Neem as voorbeeld Rembrandt se „Judas ..."

treffende formulering van sy gedagtes, vir ons van soveel onskatbare waarde.

Die ander groot betekenis van Huygens se outobiografie is dat dit omstreeks 1630 geskryf is, op 'n tydstip waarin die Nederlandse skilderkuns by die vooraand gestaan het van 'n nuwe tydperk, nl. die oorgang van Manierisme na Realisme.<sup>1)</sup> In hierdie oorgangsfase staan Huygens, en dis waarom hy in so 'n oortuigende liefde vir die skilderkuns, met soveel gesag kan gesels oor die meesters van sy tyd. In sy lange leeftyd het hierdie wêreldfiguur talle van hulle gesien kom en gaan, bloei en kwyn. Die beste voorbeeld van hulle almal is miskien die mees eminente skilder van die 17de eeu, Rembrandt.

Alhoewel sy vader nie daarin kon slaag om Jacques De Gheyn<sup>2)</sup> as sy kunsleermeester te kry nie, het Huygens tog 'n groot bewondering vir hom gekoester. Constantijn beskou hom as een met die meeste vaardigheid in sy kuns, en een van die persone wat baie goed toegerus is met universele kennis van die skilderkuns en wat daarmee gepaard gaan. Ter waardering van de Gheyn se graveerkuns gaan Huygens so ver om te beweer dat hy beswaarlik sou kon kies tussen die werk van de Gheyn en sy leermeester, Goltzius.<sup>3)</sup> Huygens het self Claes Visscher, 'n erkende kopergraveur te Amsterdam, hoor erken dat hy al sy betekenis te danke het aan één enkele prent van de Gheyn nl. „Christus en die Emmausgangers". Verder wys Huygens op die bekoorlike en noukeurige wyse waarop de Gheyn blare en blomme geteken het. Ook die gelaats-trekke van mense, asook die karakteristieke van baie ander dinge kon hy op meesterlike wyse uitgebeeld het. Later het De Gheyn sy hoogtepunt bereik en sy talent beter as ooit tevore openbaar toe hy hom by die „mode" ingeskakel

---

1) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens" bl. 141.

2) Graveur, etser en skilder (1565 - 1629) groot vriend en buurman van Huygens. Was ook tuinargitek van Maurits en Frederik Hendrik.

3) Hendrik Goltzius (1558-1617). Omstreeks 1586 die gewildste graveur in die Nederlande. Sy „Chef's d'Oeuvre", bestaan uit ses voorstellinge uit die lewe van Maria. As skilder het hy egter geen blywende betekenis gehad nie.

het en met olieverf begin skilder het. Huygens gaan so ver om hierdie werk van de Gheyn as „merendeels onvergelijkelijk“<sup>1)</sup> te bestempel. Maar in dieselfde asem beken hy weer dat laasgenoemde darem nie altyd voldoen het aan die vereistes van vormgewing aan mense en ander lewende wesens nie, dog vir hierdie tekortkoming vergoed hy weer met sy skepping van onbesielde voorwerpe soos papier, boeke, ens., dinge wat deur die menslike hand hanteer word. Hierin, aldus Huygens, was de Gheyn „allen de baas“.<sup>2)</sup> Ook, soos reeds aangetoon, met sy geliefkoosde blommemotief, het hy selfs die beroemde Breughel en Bosschaert, van die erepalm beroof. De Gheyn het veel vir die skilderkuns tot stand gebring. Hy het hom toegelê op 'n studie van lig en perspektief, en op hierdie gebied het hy baie presteer, want, sê Huygens, dit is iets wat „een volmaakt schilder dient te kennen“. Huygens volstaan met sy lofbetuigings aan De Oude Gheyn deur te velde te trek teen die onverskilligheid van lg. se seun, Jacob de Gheyn, wat sy talente begrawe en 'n onverskillige lewe voer. Hy besluit egter met die versekering dat hy nie wanhoop in hierdie jonge de Gheyn nie, want „gij zult er weer toe overgaan nu roem uit te zaaien, ik bedoel te woekeren met uw heerlijke gave, en dat gij althans ter ontspanning de edele kunst weer zult beoefenen, als gij, verstandiger dan thans, zult overwegen, hoeveel beter het is zijn ledige uren te benutten dan niets doen“.<sup>3)</sup> Hierdie „verstandiger dan thans“ is veelseggend. Hieruit kan ons duidelik aflei dat die jonge De Gheyn se werk een of ander vervlakking moes beleef het, of dat hy hom op 'n tydstip skuldig gemaak het aan 'n vorm van onverskilligheid ten opsigte van sy aangebore talente.

Uit die paar opmerkings hierbo spreek vanself dat Huygens onteenseglik 'n groot bewondering vir De Gheyn gekoester het. Tog is dit opvallend dat daar onder die groot versameling van briewe van en aan Constantijn Huygens geen aanduiding bestaan van 'n regstreekse briefwisseling tussen die twee nie. Uit die aard van die

---

1) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 70.

2) Ibid: bl. 70.

3) Vergelyk Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“, bl. 71.

saak, en logies beskou, moet ons aanvaar dat Huygens tóg met De Gheyn gekorrespondeer het,<sup>1)</sup> want Huygens was 'n man wat nie net met die meeste skilders van sy tyd gekorrespondeer het nie maar ook in die hoogste kringe beweeg het. „Zeer weinigen hebben zich in zoovele, geheel uiteenlopende, kringen van belangwekkende menschen bewogen als Constantijn Huygens, en van dat rijke leven geeft zijne briefwisseling een beeld ...”<sup>2)</sup> By benadering is bereken dat Huygens gedurende sy lewe tussen 60,000 en 72,000 briewe geskryf het en ongeveer dieselfde aantal antwoorde daarop moes ontvang het. Ongelukkig is daar tans slegs 8,500 in ons besit. Ons neem dus aan dat briefwisseling tussen Constantijn Huygens en belangrike persone soos genoemde De Gheyn, Goltzius (van wie daar ook geen briewe verskyn nie), onder die duisende is wat verlore gegaan het, want daar is telkens bewyse gelewer van die slordigheid en onverskilligheid waarmee die erfgename hul toevertroue skat behandel het.<sup>3)</sup>

Die volgende skilder wat deur Huygens baie hoog aangeprys is in sy outobiografie is Hendrik Goltzius.<sup>4)</sup> Reeds in sy kinderjare was Constantijn bevoorreg om dikwels in hierdie meester se geselskap te verkeer, ten gevolge waarvan hy dan ook talle van sy kunswerke kon besigtig. As die mees gesiene graveur van sy tyd het Goltzius dan ook 'n groot invloed op die jong Constantijn uitgeoefen. Huygens skryf dat hierdie veelgeprese meester veel tot stand gebring het met sy graveernaald. Wat hom veral bekoor het, was Goltzius se gravure van die geboorte en lyding van Christus. „Hij was inderdaad een kunstenaar, dien men onmogelijk genoeg bewonderen kan”. Wat egter baie betreurenswaardig is ten opsigte van hierdie groot meester, is die feit dat hy met sy skilderye nooit sy gravure kon ewenaar nie en dit het ontsaglik veel afbreuk aan sy naam gedoen: „door de waanzin der alchimie... heeft hij en zijn vermogen en een oog verloren ...”<sup>5)</sup> Ook word hieronder die name vermeld van Cornelis van Haarlem,

---

1) Heelwaarskynlik was De Gheyn se briewe onder die duisende wat verlore geraak het.

2) R.G.P. (15) Inleiding, bl. XXI.

3) R.G.P. (15) Inleiding, bl. XVII.

4) Vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens”, bl. 71.

5) Ibid. bl. 72.

'n stadgenoot van Goltzius, en 'n skilder vir wie sy volkegenote hulle nie hoof te skaam nie; Hendrik Vroom, 'n seeskilder van groot bekendheid, maar wat tog so oorskadu is deur Jan Porcellis<sup>1)</sup> en andere, dat Huygens aarsel om hulle in dieselfde kategorie te plaas.

Onder die landskapskilders, wat hulle veral toegelê het op die skilder van bosse, woude, vlaktes, berge, dorpe ens., noem Huygens name soos dié van Van Poelenburg, Uytenbroeck, Van Goyen, Jan Wilders en Paulus Brill, wat almal skrandere manne was wat, „wat de natuurlikheid betref, niets ontbreekt behalve de warmte van de zon en de beweging door het koeltje veroorzaakt“<sup>2)</sup>. De volgende historieskilders word ook deur Huygens vermeld:

Pieter Isaaksz, Lastman, Bloemaert, Honthorst, Ter Bruggen, van Dyck e.a. Hierdie, en nog vele ander noem Huygens almal sy vriende. Maar, voeg hy hieraan toe, hulle voorganger en die Apelles<sup>3)</sup> van die 17de eeu, Petrus, Paulus Rubens, beskou hy as een van die wêreld se grootste wonders. Hy is nie net gebore vir die skilderesel en bedrewe in alle wetenskappe nie, maar het ook groot roem verwerf op ander gebiede van die lewe, en dit, in weerwil daarvan dat die lewe hom soveel geleentheid tot genieting gebied het. Dog hierdie beroemde skilder het sy deur Godgegewe talente nuttig aangewend tot heil van sy samelewing. „Ik heb altijd deze overtuiging gehad, dat er ook buiten de Nederlanden niemand bestaat en ook niet licht zal opstaan, die verdient met hem vergeleken te worden hetzij in rijkdom van vinding, hetzij in durf en bevalligheid van vormen, hetzij in volkome veelzijdigheid in alle genres van schilderen,“<sup>4)</sup> skryf Huygens. Hierdie is seker die hoogste lof wat Huygens nog 'n kunstenaar toegeswaai het, en om dit te betkragtig gaan hy so ver deur te sê dat dit 'n ontsaglike boekdeel sal beslaan, wanneer 'n mens met die pen sou wou opsom wat Rubens met die kwas geskep het. Huygens gee sy spyt te kenne dat hy nie op persoonlik vriendskaplike voet met hierdie groot meester kon omgaan nie, want dan sou hy hom beweeg het om vir die

- 
- 1) Johannes Porcellis, gebore Gent Plm. 1584; oorlede Zouterwoude (by Leiden) 29.1.1632. Hoofsaaklik skilder van see-tafarele. Vgl. Arn Houbraken, bl. 353.
  - 2) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 73.
  - 3) Die beroemdste skilder van die Oudheid ( $\pm$  370-410 n.C)
  - 4) Vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 74.

wêreld 'n beeld van homself na te laat in die vorm van 'n volledige lys van sy skilderye. Huygens betreur die onguns<sup>1)</sup> van die tyd wat so 'n moontlikheid uitskakel. Later egter, blyk dit uit die briewe van Rubens aan Huygens dat daar 'n nadere kennismaking tussen hulle ontstaan het. In November 1635 het Huygens persoonlik aan Rubens geskryf<sup>2)</sup> en om verskoning gevra dat hy so lank vir die paspoort, waarom hy blykbaar aansoek gedoen het, moes gewag het. Verder spreek dit baie duidelik uit hierdie brief dat Rubens nie slegs toegerus is met 'n fenomenale kennis van skilderkuns nie, maar ook 'n gesaghebbende is op die gebied van die boukuns. Huygens gesels oor sy huis wat hy voornemens is om te bou,<sup>3)</sup> nie 'n gewone huis nie, maar wel een in sy geliefde klassieke styl. Hy wil graag weer die antieke styl in Den Haag laat herleef; en hy is vasbeslote om hierdie besluit van hom deur te voer in soverre sy fondse hom sal toelaat. Huygens vra Rubens se raad in sy voorneme, want „u kennis van hierdie groot kuns is so groot dat u my daarin lesse sou kon gee ...”<sup>4)</sup>

Huygens gesels ook oor die portretskilders van sy tyd, waaruit onomwonde blyk dat hy 'n besondere groot voorliefde had vir die portret. Hy beskou die portret as nobel en noodsaaklik vir die menslike behoefte, in die sin van erfnisse van geslag tot geslag -- „omdat wij door hun toedoen in zekere zin niet sterven en nog als nakomelingen met onze verste voorvaderen vertrouwelijk kunnen spreken...” Syns insiens is die portret die weergawe van die innerlike siel van die geskilderde persoon, en die innerlike siel word gelees op die gelaatsuitdrukking.<sup>5)</sup> Dit sê Constantijn, het hy nie van ander gehoor nie maar geleer deur eie ervaring en groot oplettendheid. Die eerste portret-

---

1) Vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens” bl. 74.

2) Vgl. R.G.P. 19 brief no. 1301; bl. 129, 132, 168, 512.

3) Op die huidige Plein in Den Haag.

4) Ek vertaal uit Frans. (R.G.P. (19) brief no. 1301.

5) Vgl. Martin: „Hollandsche Schilderkunst in de 17de Eeuw” Deel I, bl. 39, 298, 302 waar ons baie interessante en treffende opmerkings vind oor die naturalisme in die Nederlandse portretkuns, en wat hierby aansluit.

1) (Vervolg) Hier word vermoedelik verwys na die skeiding van Noord- en Suid-Nederland deur die vyandelike Spaanse leër. (Die 80jarige-oorlog het eers in 1648 geëindig.) Rubens was 'n Suid-Nederlander.



skilder wat hy hier noem is Jan Anthonisz van Ravesteyn. Sonder om veel uit te wei bestempel Huygens hom op 'n baie taktvolle wyse as 'n kunstenaar „van die tweede rang". Dan besluit Huygens dat Michiel van Mierevelt<sup>1)</sup> in hierdie rigting die prominente plek inneem as portretskilder van onsterflike roem in sowel die Nederlande as die hele Europa. Huygens plaas hierdie meester nie net op gelyke voet met wêreldvermaarde skilders soos Holbein en Pourbus nie, maar beweer selfs dat hy (Mierevelt) hulle oortref in bestendigheid ten opsigte van sy eie vermoë en dat hy nie van sy ingeslane doel afwyk in sy skeppinge nie. Waar ander meesters met hulle beperkte talente, trag om die werklikheid weer te gee, verval hulle in hierdie oormatige inspanning in geforseerdheid en gekunsteldheid; en dis in hierdie opsig waarin van Mierevelt hulle oortref want by van Mierevelt „ligt de geheele kunst in de natuur, en de geheele natuur in zijn kunst .... Daarom pleeg ik het met deze beroemde woorden van Tacitus zoo uit te drukken: ,kunst grenst blijkbaar direct aan bedrog', doordat een soort van oordreven naarstigheit zich zelf weer afbreekt en, ofschoon ze niet ver van een deugd afstaat, in een ondeugd overgaat".<sup>2)</sup> Van Mierevelt, aldus Huygens, het sy sukses dus hoofsaaklik te danke aan sy volging van die sobere, ongeskonde en ongekunstelde werklikheid, terwyl hy 'n skoonheid weergee in „haar eigen kleed en haar vrij houdt van elk toevoegsel ...". Ook sy werke is 'n weer-spieëling van die man en sy karakter. Die mens se lewe is 'n kurwe van groei, stilstand en agteruitgang. Soos in die geval van genoemde Ravestein, het Mierevelt ook destyds al die eerste tekens van agteruitgang getoon. Hierdie feit is ernstig deur Huygens betreur. Desnieteenstaande bid hy Van Mierevelt nog 'n lang lewe toe al is sy glorietydperk ook verstreke met die begeleidende waardering vir sy dienste aan sy volk ... „want ik behoort tot die beste vrienden van den grooten man, wat ik mij tot een eer reken". Hierdie kunstenaar het ook twee portrette van Huygens geskilder, asook een van Huygens se vader Christiaan soos onder andere blyk uit 'n brief van Huygens aan D. Heinsius in Maart 1635, waarin hy belowe om laasgenoemde 'n portret van sy vader, wat deur Mierevelt

---

1) (1567-1641) was hofskilder van die Oranjes.

2) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens" bl. 76.

geskilder is, te stuur.<sup>1)</sup>

Die volgende skilder oor wie Huygens uitwei in sy „Vita“ is die Nederlander, Torrentius. „Ik denk, dat de liefhebbers der schilderkunst, wanneer ze soms dit lezen, reeds lang van mij verlangen, dat ik Johannes Torrentius<sup>2)</sup> niet onbesproken zal laten“,<sup>3)</sup> skryf Huygens. Huygens is van mening dat hierdie kunstenaar se vermoë om onbesielde voorwerpe soos glase, erdewerk, yster ens., weer te gee, ongeëwenaard is. Verder vermeld hy hier dat hy hom vergewis het van die eindelose grimmigheid en jaloesie waarmee „den ouden De Gheyn“ Torrentius se werk bejeën het, ten gevolge van die grenslose lofuitinge van die „groote massa“ oor laasgenoemde se kunswerke. Wat Huygens nog meer laakbaar vind in De Gheyn is die feit dat hy „in zijn laatste levensdagen in een vlaag van grimmigheid ook een schilderij heeft aangeboden om met die wonderwerken (van Torrentius) te vergelyk ...“ Huygens stel Torrentius se kuns onomwonde bo dié van De Gheyn, dog tegelykertyd bestempel hy eersgenoemde as ’n „goddeloos iemand en een bandiet...“<sup>4)</sup> en ’n „slimme huichelaar“. Hierdie felle beoordeling wat Torrentius homself op die hals gehaal het, het hy tewyde aan sy immorele leefwyse. Ons weet bv. dat hy in 1627 vervolg en in hegtenis geneem is weens ondergrondse sektariese bedrywighede as hoof en leier van die Rozekruisers in Nederland. Hy is tot twintig jaar gevangenisstraf veroordeel maar deur bemiddeling van sy invloedryke vriende in Engeland is hy na drie jaar op vrye voet gestel op „aandrang“ van Karel I, wat, nadat hy een van Torrentius se Stillewens gesien het, by Frederik Hendrik aangedring het om die „Pardon“ tot sy vrylating te teken. Dit is gedoen, waarna Torrentius na Engeland vertrek het, maar hy was ’n gebroke man en het niks wonderbaarliks daarna vermag nie. In 1642 het hy siek en arm na Amsterdam teruggekeer waar hy in 1644 in vergetelheid die tydelike

---

1) R.G.P. (19) Brief no. 1087, bl. 53.

2) Die verlatynsde benaming vir Johannes Symonzs van der Beeck. (Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl.137)

3) Vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 83.

4) Ibid: bl. 85.

met die ewige verwissel het.

Die feit dat 'n lughartige kunstenaar soos Torrentius, die geestelike leier van 'n godsdienstige gemeente kon wees, die lede waarvan soos Huygens vermeld, hom op hulle sterwensuur as hulle verlosser aanroep, bly 'n psigologiese raaisel wat natuurlik baie moeilik oplosbaar sal bly.<sup>1)</sup> Hy had 'n eksentrieke persoonlikheid, volgens Huygens, be- gaafd met 'n besondere geheimsinnige, heldere siening van sake en kon uitmuntend daarin slaag om hom voor te doen wat hy nie was nie. Sy wulpse fantasie het hy ook in 'n paar van sy skilderstukke geopenbaar, „die wel niet bewaard zijn maar waarvan we toch de onderwerpen kennen, wier schouwe liederlikheid slechts walging wekt“.

Huygens vertel ook hoedat Torrentius van verskillende hulpmiddels gebruik gemaak het in sy kuns om die kwaad, of skyn daarvan, te verbloem vir die onkundige kultuurlae van die volk met 'n beperkte oordeel; trouens wat hierdie soort werk van hom selfs „aan goddelike bezieling had toe- geschreven ... Dit vermoeden word in zoover bevestigd aan de eene kant door de sprekende gelijkenis van Torren- tius' schilderwerk met deze schaduwbeelden,<sup>2)</sup> aan de andere kant door het onweerlegbare, het in niets te kort schietende, dat men hem toekent in zijn kunst tegenover de werkelijke gedaante van het voorwerp.....<sup>3)</sup> aldus Huygens.

Ten besluite hieroor kan ons net sê dat so 'n eksen- trieke, opmerklik en talentvolle verskyning soos Torrentius ondanks sy foute, die aandag van Huygens sou getrek het. Huygens het immers 'n brandende belangstelling gehad vir alle kunsuitinge en kuriositeite. Ampshalwe, as sekre- taris van Frederik Hendrik, moes hy ook goed op hoogte gewees het van Torrentius se lief en leed. Vandaar dan ook dat Huygens so uitgesproke teenoor hierdie kunstenaar

---

1) Vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 85.

2) Huygens bedoel hier waarskynlik die „Camera Obscura“ waarmee, na sy mening, Torrentius gewerk het. Vir beskrywing en verduideling van dié tegniek vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 120 - 123, 139, 171 (no. 377).

3) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 87.

en sy werk staan, en in staat is om met soveel gesag en insig oor hom te kan uitwei.<sup>1)</sup>

\*\*\*\*\*

1) Vgl. Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens" bl. 140.

## HUYGENS, JAN LIEVENS EN REMBRANDT.

Rembrandt se vader het hom uit die Leidse skool geneem nadat hierdie seun getoon en bewys het dat hy 'n groter affiniteit gehad het vir die skilder- en tekenkuns. Hierna het hy onder Jacob Isaacse van Swanenburgh, die „braef“<sup>1)</sup> Leidse skilder van weinig betekenis, die fundamentele beginsels van die skilderkuns geleer. Na drie jaar onder Swanenburgh het Rembrandt vir ses maande onder Pieter Lastman, die toenmalige beroemde Amsterdamse historieskilder, gaan studeer, en hom in 1625 selfstandig te Leiden gevestig. Hier in sy geboortestad het hierdie jong man spoedig die aandag van duisende kunsbewonderaars getrek, want Rembrandt was besiel met sy werk; dag en nag het hy met groot liefde, toenemende ywer en belangstelling en onvermoeide werkkrag in sy ateljee gearbeid. Saam met Rembrandt het gewerk sy tydgenoot en vriend, Jan Lievens.

Dis baie duidelik dat Rembrandt spoedig bewus was van sy roeping as portret- en historieskilder. Dit was die klassieke roeping van die Renaissance skilder wat na die hoogste wil streef: die uitbeelding van die mens, en die menslike gebeurtenisse. Dit was, soos ons later sal aantoon, veral hierdie aspek van Rembrandt se werk, wat die wêreldberoemde Humanis, Constantijn Huygens, so aangegryp het dat hy kwalik genoeg byvoeglike naamwoorde kon vind om o.a. sy bewondering vir Rembrandt se „Judas en die twintig silwerlinge“<sup>2)</sup> uit te druk, of, soos Martin sê ... „dat hij zich uitputte in superlatieven om den moolenaarszoon te prijzen...“

Tydens sy laaste jaar in Leiden (1630) is Rembrandt hier in sy ateljee vereer met 'n besoek van Huygens.<sup>3)</sup> Na aanleiding van laasgenoemde se opmerkings in sy outobiografie<sup>4)</sup> is dit geheel voor die hand liggend dat hy vir sowel Rembrandt as Lievens van aangesig tot aangesig moes ontmoet het, want hy beskryf hulle as slegs opgeskote

- 
- 1) Martin: „De Hollandsche Schilderkunst in de 17 eeuw“  
Deel II, bl. 12.
  - 2) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 79.
  - 3) Van Gelder: „Rembrandt en Zijn Portret“, bl. 6.
  - 4) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens“ bl. 78 & 79.

jongens met baardelose gesigte. Net soos in die geval van Rubens, was dit ook sy (Huygens se) begeerte dat hierdie twee belowende skilders 'n lys van al hulle skilderye moes opstel vir die nageslagte en naslaandoeleindes. Verder waag Huygens hom op 'n baie moeilike terrein, nl. om in een sin 'n vergelyking te tref tussen die twee talentvolle skilders: „dat Rembrandt in smaak en levendigheid van gevoel boven Lievens staat, maar deze boven hem in zekere grootsheid van vinding en van stoute onderwerpen en figuren". Huygens had gelyk met hierdie stelling van hom, want weet ons dan nie dat Rembrandt destyds nog in sy primêre louteringsproses was, en naarstiglik besig was om hom onwillekeurig te ontworstel aan die Lastmanse Italia-nisme nie? Hierdie loutering het hy voorlopig gesoek en gevind in die natuur. Lievens, aldus Huygens, het gestreef na alles wat verhewe en mooi is, sy figure en vorme was lewensgroot en soms groter; Rembrandt, daarenteen, „geheel in zijn eigen arbeid opgaand" het gehou van kleinere skilderye, waarin hy die gekonsentreerde effek bereik het, ....„dat men op de kolossale doeken van anderen te vergeefs zou zoeken".<sup>1)</sup> Voorwaar 'n treffende uitlating van Huygens! Want Rembrandt was in die heel eerste plek mensbeelder, nie 'n soeker na die uiterlike vertoning nie, maar „de weer-gawe van de zielsbeweging"<sup>2)</sup> van die mens.

Aanvanklik het Rembrandt en Lievens se ontwikkeling parallel geloop, dog niemand sou kon vermoed het, dat daar in eersgenoemde soveel potensialiteite geskuil het nie. Lievens se kanse, soos Huygens tereg aangevoer het, was uiters rooskleurig, maar hy het nie voet by stuk gehou; was nie so rigtingvas en karaktervol soos Rembrandt nie.<sup>3)</sup> Opgroeiend in die jare toe die Nederlandse skilderkuns 'n eie vorm moes soek en tegelykertyd rekening moes hou met die buiteland, soos Italië, het dit Lievens ongelukkig ontbreek aan standvastigheid van oordeel en goeie smaak om sy weg te baan, ten gevolge waarvan ons geleidelik 'n estetiese verbrokkeling in sy kuns bespeur. Lievens het weliswaar gewaardeerde kunswerke nagelaat, maar meester-

---

1) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens" bl. 79.

2) Van Gelder: „Rembrandt en Zijn Portret" bl. 8.

3) Martin: „Hollandsche Schilderkunst in de 17 eeuw" bl.

stukke van onsterflike waarde het hy vergeleke by Rembrandt, weinig geskep.

Dat Huygens in Rembrandt meer die historie- en in Lievens die portretskilder sien, verklaar wellig die omstandigheid dat Lievens twee portrette van Huygens geskilder het, terwyl -- en dit is betreurenswaardig -- daar nie 'n enkele portret van hom (Huygens) deur Rembrandt, bekend is nie.

In 1632 het Jan Lievens op eie versoek 'n portret van Huygens geskilder. Die portret moes blykbaar baie skadu-effekte met 'n donker agtergrond gehad het, want J. Brosterhuizen het in 1633 aan Huygens geskryf dat die beroemde boumeester en skilder, Jacob van Campen, baie begeerig is om „een witte te skilderen voor UE. tot de swarte van Lievens ....“<sup>1)</sup> Verder versoek Van Campen dat hierdie portret deur Lievens met raam en al aan hom gestuur moet word, om die grootte en die swier van die gesig en postuur te sien.

In teenstelling met die stil, beskeie, dog besliste Rembrandt staan Lievens wat nie skroom om hom op die voorgrond te stel nie -- soms het dit gegrens aan voorbarigheid. So ver het hy selfs gegaan dat hy homself in 1640, na die afsterwe van die beroemde Rubens, in dié se plek aanbeveel het om 'n skildery vir Huygens te vervaardig.<sup>2)</sup> David Leu de Wilhem, lid van die Raad van die Prins, skryf aan Huygens dat Jan Lievens hom verwittig het van die afsterwe van Rubens, te Antwerpe op 15 Mei, en van 'n sekere skildery wat die ontslapene vir die Prins sou vervaardig. Lievens is die mening toegedaan dat Rubens nog nie 'n aanvang met die opdrag gemaak het nie. Daarom sal hy hoog vereer wees indien die opdrag aan hom oorgedra word, om die vermelde skildery te vervaardig of voltooi. Dit, sê Lievens, sal hy slegs kan doen, op aanbeveling van Huygens en met goedkeuring van Sy Hoogheid, die Prins. „Ek kon nie weier om sy versoek aan u voor te lê nie“, skryf de Wilhem,

---

1) R.G.P. (15) bl. 411 brief no. 804.

2) R.G.P. (21) bl. 40 brief no. 2394.

„daar Lievens se versoek in alle nederigheid gekom het, nl. om die goedkeuring van Sy Hoogheid te bepleit.<sup>1)</sup> Daar is egter geen verdere aanduiding tot ons beskikking waarvolgens ons kan vasstel of Lievens se aansoek goedgekeur is al dan nie. Aan die anderkant weet ons van 'n reeks amptelike opdragte wat Huygens namens Frederik Hendrik aan Rembrandt toegeken het, terwyl daar geen aanduiding bestaan dat Lievens sodanige opdrag ontvang het nie. Ook is daar onder die duisende briewe aan en van Huygens geen spoor van 'n persoonlike briefwisseling tussen hom en Lievens nie.

„Huygens is in zo sterke mate moralist, dat hij het eenvoudignatuurlike niet waardeert ...” skryf dr van Gelder,<sup>2)</sup> en verder ... „het komt mij voor, dat Huygens een te zelfstandig-ontwikkelde geest was om invloeden van buiten sterk te ondergaan ....” Alhoewel die woord „sterk”, hierdie stelling redelik regverdig, is dit my oorwoë mening dat Huygens, alhoewel Hollander in murg en been, 'n groot bewondering gehad het vir die uitheemse skilderkuns, die barok. Ter toeligting kan ons maar net neem sy groot bewondering vir die barokskilder, P.P. Rubens<sup>3)</sup> en tweedens, Huygens se uitlatings oor Rembrandt se barokskildery: „Het berouw van Judas” 1631.<sup>4)</sup> Wat Huygens veral in hierdie skildery getref het, was die uitmuntende wyse waarop Rembrandt daarin geslaag het om die wroeging, spyt en verwyt van die kermende Judas uit te beeld op sy gelaat. Ook die hande, die liggaamsbeweging, die bewoënhed van die ganse voorstelling moes meewerk om die indruk van pathos so sterk moontlik te maak. Die hartstogtelike opset en uiterlike van hierdie skildery is barok; trouens, Rembrandt het hom nooit geheel-en-al kon losmaak van die Barok nie. Dit was veral hierdie barokelemente, hierdie hartstog, wroeging, momentaangryping en uiterlike liggaamsbeweging in die skildery wat Huygens die meeste bekoor het ... By sy beoordeling van hierdie skildery gebruik hy weer eens Italië as maatstaf: „De schildery van den berouwhebbenden

---

1) R.G.P. (21) bl. 40, brief no. 2394. (Ek vertaal uit Frans.)

2) Pen en Penseel, bl. 208.

3) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens” bl. 74 & 75.

4) Vgl. Veth: „Rembrandt's Leven en Kunst” bl. 31.



Judas die de zilverlingen ... terugbrengt, neem ik als voorbeeld van al zijne werken. Laat geheel Italië hier komen en al wat er van de hoogste oudheid af voor schoons en bewonderenswaardig is overgebleven. Het gebaar van den wanhopigen Judas alleen, om nu niet te spreken van zovele bewonderenswaardige figuren op dit ééne doek, van Judas, die raast, jammert ....., dat afschuwelijke gelaat, de uitgerukte haren, het gescheurde kleed, de gewrongen armen, de handen ten bloede toegeknepen, de knie door een plotselinge beweging gebogen, het geheele lichaam ineengerold met eene woestheid, die medelijden opwekt, die figuur stel ik tegenover elk kunstwerk van alle eeuwen ... ik sta verstomd ... een jongmensch, een Nederlander, een molenaar, een baarde-loze .... die tot nu toe nauwelijks buiten de muren van zijne geboortestad is geweest.... Bravo Rembrandt!<sup>1)</sup>

Hierdie aantekeninge van Huygens is oorspronklik in Latyn geskryf en is in menige opsig van allergrootste belang. Aan die een kant het ons hier die klassiek-gevormde aristokraat wat hom, soos ons later sal sien, verbaas en vererg het oor die halsstarrigheid van so 'n belowende jong skilder soos Rembrandt wat dit nie nodig ag om Italië toe te gaan nie; aan die ander kant erken hy hier ruitelik dat Rembrandt se „Berouvolle Judas" so hoogstaande is, dat dit geensins hoef agteruit te staan vir Italië nie. Hierdie uitlatings van Huygens is ook baie tekenend van die wyse waarop die toenmalige Hollandse kultuur Rembrandt se werk ontvang het. Die mense het verbaas gestaan, maar hulle onwillekeurig laat meesleep.

Na ses maande studie onder Lastman, was 'n studiereis vir Rembrandt en Lievens, na gewoonte in dié tyd, die volgende voor die handliggende stap, maar nóg Rembrandt, nóg Lievens het hierdie reis onderneem. Hierdie selfgenoegsaamheid van die twee kunstenaars was vir die aristokratiese Huygens 'n doring in die vlees, en het hulle in sy „Vita" baie hieroor verwyt. „O! konden zij eerst maar eens grootheden als Raphaël van Urbino...., zoals ik dat zoo graag zou zien, grondig leeren kennen en daarna hun oogen de kost geven om de gedenkteekenen van zoveel geweldige genieën te verslinden, in hoe korte tijd zouden de mannen, geboren om de kunst ten toppunt te voeren, als

---

1) Vgl. Jan Veth: „Rembrandt's Leven en Kunst" bl. 43-44, en Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens", bl. 79.

zij slechts zich zelf kenden, in staat zijn dit alles te overtreffen en zoodiende de Italianen naar hun Holland te laten komen."<sup>1)</sup> Rembrandt en Lievens se antwoord was kalm en beslis: In hulle jong jare -- waarmeehulle in die eerste plek rekening moes hou -- het hulle geen tyd om te reis nie! Geen tyd mag verlore gaan om die oneindige rykdom om hulle heen op te neem en te verwerk nie. Verder voer hulle aan dat wat hulle in Italië sou kon leer, hulle trouens ook, en met minder tydverlies, sal kan verwerf deur besigtiging van die talle tekeninge en kunswerke uit Italië wat toe reeds in Holland te sien was.<sup>2)</sup>

'n Ander bron van onskatbare waarde, wat vir ons waardevolle lig werp op die werk en ontwikkeling van Rembrandt is die briefwisseling tussen hom en Constantijn Huygens. Rembrandt het van krag tot krag gegaan. Portretbestellings o.a., het daaglik ingestroom. Ook uit die kringe van die vooraanstaande ryk koopliede het hy opdragte ontvang. Maar spoedig is Rembrandt verhef tot die hoogstes in die land toe hy in 1633, deur bemiddeling van Huygens, twee opdragte, nl. „De Kruisoprichting" en „Kruisafneming" van Frederik Hendrik gekry het.<sup>3)</sup> In 1635 - 1636 <sup>4)</sup> het Rembrandt in alle eenvoud en nederigheid 'n brief<sup>5)</sup> aan Huygens geskryf na aanleiding van verdere opdragte wat ... „sijn excellensij mij selfs heeft geordijneert". Hierdie opdragte was „Die graflegging", „Opstanding" en „Hemelvaart van Christus". Dat Rembrandt dit inderdaad as 'n groot eer beskou het om uitvoering aan hierdie opdragte te laat geskied, blyk uit die toon van die brief. Hy versoek ook vir Huygens om „Sijn Excellensij (d.i. Prins Frederik Hendrik) mee te deel dat hy (Rembrandt) „seer naerstig doende ben met de drie passijstucken voorts met bequaemheijt af te maken...." Verder sê hy dat „deselvijge ackoordeeren met opdoening en afdoeninge van t Chruijs Chrisstij..." Hier verwys Rembrandt dus na die twee

---

1) Kan: „De Jeugd van Constantijn Huygens" bl. 82.

2) Van Gelder: „Rembrandt en het Landschap", bl. 12.

3) Vgl. Kunstgeschiedenis der Nederlande; H.E. van Gelder, bl. 245.

4) Datum verskyn nie.

5) Vgl. R.G.P. (19) bl. 150, brief no. 1350.

vorige stukke wat hy, hierbo genoem, vir die Oranje-Huis geskilder het. Hierdie ses passiestukke bevind hulle tans in die Pinakothek te München.<sup>1)</sup> In dieselfde brief, maak Rembrandt melding van 'n paar van sy jongste werke waarmee hy wens sy heer (Huygens) te vereer en „vertrouwende dat my ten bessten sal afgenomen werden....”

In Februarie 1636<sup>2)</sup> het Rembrandt Huygens skriftelik laat weet dat hy „graag persoonlik wil kom sien hoe hierdie skildery<sup>3)</sup> by die vroeër gelewerde stukke voeg.” Wat die prys van die skildery betref, meen Rembrandt dat dit eerlik £200 werd is; dog hy kom met 'n verrassende voorstel, nl. dat hy hom sal laat welgeval met dit wat hulle hom mag aanbied. Dan kom Rembrandt met die veelseggende slotreël: „Op de galdeerij van S. Exc. sal t best te toonen en sijn, alsoo daer een starck licht is”.

In 1639 verontskuldig Rembrandt hom by Huygens dat hy so lank gesloer het met die afwerking van die laaste twee stukke uit die passiereeks<sup>4)</sup>, maar tegelykertyd verseker hy Huygens dat hy deur „stuijdiose vlijt” nou gereed is. Hy sien baie uit daarna om hierdie skildery aan sy meester (Frederik Hendrik) af te lewer, daar hy seker is dat hy hom 'n verrassing gaan besorg, „want deese twe sijn t, daer die meeste ende die naetuereelste beweechgelickheijt in geopserveert is”. Dit is ook hierdoor, volgens Rembrandt, dat hy hulle so lank onder hande gehad het. Hierdie brief gee vir ons, meer as enige ander, 'n insig in die ontwikkelingsgang van hierdie wêreldberoemde skilder. Ons onthou nog hoedat Huygens die „Berouvolle Judas” van 1631 geprys en veral melding gemaak het van „die bewoëndheid van die ganse voorstelling”. Maar hier kom Rembrandt nou self met „naetuereelste beweechgelickheijt”. 'n Mens is geneig om hieronder veral dié deur die Barok gewilde bewoëndheid van lyn en figure te verstaan. Hieraan is wel gedink, maar vir Rembrandt het die woord 'n dieper betekenis gehad as die oppervlakkige, en wel die betekenis van

1) Vgl. R.G.P. (19) bl. 150, brief no. 1350.

2) Die datum is nie deur Rembrandt nie, maar vermoedelik deur Huygens bygeskryf. R.G.P. (19) bl. 152, brief no. 1354.

3) Hierdie verwys hy vermoedelik na „De Hemelvaart”, wat hy, soos hy in sy vorige brief gemeld het reeds voltooi het, en gereed gehad het vir aflewering. Vgl. R.G.P. (19) bl. 150.

4) R.G.P. (19) bl. 425 brief no. 2020.

diepe, innerlike ontroering of bewoënheid.<sup>1)</sup> Dit het hom gedwing om na beweging te soek, wat met die innerlike inhoud van die voorstelling ooreenkom; „Rembrandt is trouwens levenslang in de eerste plaats menschen beelder geweest en gebleven.”<sup>2)</sup>

In dieselfde brief meld Rembrandt dat hy voornemens is, om as blyk van waardering vir Huygens se belangstelling in hom, en die moeite wat hy hom getroos het in verband met bestellings van genoemde skilderye, hom (Huygens) te „vereer” met ’n skildery, waarvan hy die grootte aangee as 10 vt. lank en 8 vt. hoog. Op 27 Januarie 1639 het Rembrandt hierdie belofte aan Huygens nagekom<sup>3)</sup>, toe hy, „tegens mijn heeren begeeren” die beloofde skildery<sup>4)</sup> aan hom gestuur het, „hopende, dat u mijner in deesen niet versmaeden zult....” Hierdie geskenk, beweer dr. Worp, Veth en van Gelder<sup>5)</sup> was die „Blindmaking van Simson”. Wat ons veral tref ten opsigte van hierdie skildery, is dat dit, afgesien van die meesterlike ligeffek, seker die mees barokke skildery is wat Rembrandt geskilder het. Dit is ’n sprekende bewys dat Rembrandt bewus is van Huygens se smaak en die eise wat hy aan ’n skildery stel.

Die vierde van sy sewe briewe aan Huygens, het Rembrandt vermoedelik in Januarie 1639<sup>6)</sup> geskryf. Hier stel hy Huygens amptelik in kennis dat hy die twee stukke, nl. „Die Graflegging” en „Opstanding van Christus”<sup>7)</sup> aangestuur het. Aangesien Rembrandt bykans drie jaar lank aan hierdie twee opdragte gewerk het, is dit te begrype waarom hy meen dat „zijn Hoochheijt nu selfs mij niet met min als dusent guldens voor ider toeleggen sal”. Hierby voeg hy egter dat hy nie sal kibbel oor ’n redelike aanbod nie, maar bereid is om die beslissing oor te laat aan

---

1) Trouwens, dit was die betekenis van „beweechgelijkheyt” in die 17de eeu.

2) Van Gelder: „Rembrandt en het Landschap”.

3) R.G.P. (19) bl. 429, brief 2032, en bl. 425.

4) Veth: „Rembrandt's Leven en Kunst” bl. 103.

5) „Kunstgeschiedenis der Nederlanden” (van Gelder) bl. 245.

6) R.G.P. (19) bl. 427, brief 2027.

7) Vgl. R.G.P. (19) bl. 255, brief no. 2020.

„Sijn Hoochheijts kennis en discreesij". Rembrandt maak ook melding dat die koste van die rame en verpakking vier-en-veertig gulde beloop het.' Maar Rembrandt se verwagtinge is verydel, blykens 'n brief wat hy op 27 Januarie 1639<sup>1)</sup> aan Huygens geskryf het. Hieruit is dit duidelik dat Huygens in 'n brief aan Rembrandt beswaar geopper het teen sy hoë prys en hom meegedeel het dat hy bereid is om nie 1,000 nie, maar slegs 600 gulde vir elk van die skilderye te betaal. Kragtens die feit dat hy vir die vorige stukke nie meer as 600 gulde ontvang het nie, is Rembrandt bereid om hulle aanbod te aanvaar, mits hulle die genoemde vier-en-veertig gulde vir die rame en kaste ook hierby sal voeg. In weerwil van sy edelmoedige optrede in hierdie situasie, kan Rembrandt dit tog nie verhelp om te laat deurskemer in sy brief dat hy erg teleurgesteld en seerge-maak voel oor hierdie aanbod nie. Daar is egter vele aspekte van Rembrandt se kuns wat belig word in sy briewe aan Huygens.

Behalwe die vormgewing is daar nog iets wat Rembrandt onderskei van al die kunstenaars van sy tyd, en dis sy skildertegniek. Naas sy bewoënheid van vorm, kies Rembrandt daarby die spel van lig, die stryd tussen lig en duisternis -- die „clair-obscur". Dit was hoofsaaklik sy skildertegniek. In plaas van die ligte, dun toets van 'n Rubens, byvoorbeeld, is Rembrandt swaar en donker. Hy skilder meteens -- „a la prima" -- die beeld wat hy wil weergee en in die reël het hy hom nie veel gesteur aan die sekundêre verwerking en afwerking nie. Die resultaat is dikwels (en veral in sy laaste jare toe sy styl veel „grandioozer" geword het „een vaak zwaar opgedragen verflaag in een steeds meer impressionistiese skilderwijze"<sup>2)</sup> Maar Rembrandt het gewet om reg aan sy kuns te laat geskied, want die brief van 1639<sup>3)</sup>, waarin hy Huygens verwittig van sy versending van sy beloofde skildery nl. „De blindmaking van Simson", eindig hy met die voetnoot: „Mijn heer, hangt dit stuck op een sterk licht en dat men daar wijt kan afstaen, soo sal t best vouchen". Dit is

---

1) R.G.P. (19) bl. 433 brief no. 2042.

2) Van Gelder: „Rembrandt en Zijn Tijd" bl. 21.

3) R.G.P. (19) bl. 152 brief no. 1354.

wel begryplik omdat by meeste van hierdie skilderye van Rembrandt gebruik gemaak is van aand- en kunslig. By die „Graflegging" is daar bv. 'n kers en 'n lantern; by die „Opstanding" straal 'n misterieuse lig van die engele uit ens. Dis miskien om hierdie ligeffek van hom tot sy reg te laat kom, dat Rembrandt vir Huygens gevra het, soos met die „Hemelvaart"<sup>1)</sup> om die skilderye in 'n sterk lig te hang en ver daarvan af te staan.

Rembrandt het arm gesterf. Ons weet dat sy bankrot-skap eers in 1656 ingetree het. Maar daar is ook genoegsame bewys gelewer dat ~~Huygens~~ <sup>Rembrandt</sup> voor 1640, en veral na sy vrou Saskia se dood in 1642, hom gaandeweg in 'n drukkende skuldelas gedompel het. Reeds voor 1640 blykbaar, kon hy die tering nie na die, tog ruime, nering sit nie.<sup>2)</sup> In 1639<sup>3)</sup> skryf hy aan Huygens dat hy dit hoog op prys sal stel indien diê sou toelaat dat die ontvanger, Uyttenbogaert hom regstreeks vanuit sy kantoor te Amsterdam betaal. 'n Maand later<sup>4)</sup> herinner Rembrandt weer vir Huygens daaraan dat hy nog nie vergoeding vir sy werk ontvang het nie en hy wil hom dus vriendelik versoek „dat nu met den eersten mocht mijn betaelinge alhier tot Amsterdam hebben, ... sal nu eerstdaechs mijn penningen genieten." Huygens het blykbaar te lank gesloer om aandag te skenk aan Rembrandt se versoek, want die het spoedig weer aan hom geskryf<sup>5)</sup> dat hy tevergeefs by Uyttenbogaert „klaechde", maar hy beroep hom weer eens op Huygens. „Ende so bidde ick u, mijn goetaerdijgen Heer, dat mijn ordonnansij nu in den eersten mocht klaergemaekt werden, opdat ik mijn welverdiende 1244 guldens nu mocht eenmael ontfangen...." Dit gee vir ons 'n duidelike denkbeeld van Rembrandt se finansiële benardheid -- selfs al in 1639, want so 'n buitengewone aandrang op geld was iets ongekens by die tot dusver argelose skilder. Hierdie bogenoemde

---

1) R.G.P. (19) bl. 152 brief no. 1354.

2) Vgl. Veth: „Rembrandt se Leven en Kunst" bl. 103 - 109.

3) Vgl. R.G.P. (19) bl. 429 brief no. 2032.

4) Ibid. (R.G.P.) bl. 433 brief no. 2042.

5) R.G.P. (19) bl. 434 brief no. 2044.

brief is waarskynlik die laaste wat Rembrandt aan Huygens geskryf het, want nêrens is daar enige aanduiding van verdere briefwisseling tussen die twee nie. Die vyf genoemde skilderye -- die passiestukke -- was dan ook die eerste en laaste amptelike opdragte wat Rembrandt van die Oranjarahof gekry het. Dit is betreurenswaardig, want as ons daaraan dink dat Rembrandt sy hoogtepunt eers drie jaar later in 1642 met sy beroemde „Nachtwacht" bereik het en sedertdien van krag tot krag gegaan het, staan ons verbaas by die besef dat hy in hierdie laaste roemryke jare van sy lewe geen dergelike opdrag van die Oranjes ontvang het. Ja, selfs met Rembrandt se dood, het Huygens hom nie besing nie!

Sedert 1639 bemerk ons dus geen belangstelling van Huygens en die Oranjes in Rembrandt nie. Vir die beskildering van die „Huis ten Bosch" is Jordaens met n groep meestal Vlaamsgeoriënteerde akademici ingeroep. Dit wys ook op die ontwikkeling van Huygens se voorkeur in n ander rigting, as die wat ons tans as die mees tipies-Hollands beskou. „Het is misschien niet alleen patricische smaak volgen van de mode van het Hof, waarby hij zelf trouwens in belangrijke mate lyding gaf," skryf dr. van Gelder,<sup>1)</sup> „maar ook een nawerking van zijn Brabantschen kom-af; bovenal echter die in al zijn denken en doen uitkomende behoefte aan het geordende, het binnen de perken blijvende; Huygens is in zoo sterke mate moralist, dat hij het eenvoudig-natuurlijke niet waardeert".

Net soos vir Albrecht Dürer, was dit ook by Rembrandt die natuurlike realiteit wat die kuns boweal ten grondslag lê. Daar is geen waaragtige kunsvorm daarsonder aanvaarbaar nie..... „Dan wahrhaftig steckt die Kunst in der Natur -- und das ist wahr".<sup>2)</sup>

n Brief van J. Brosterhuizen aan Huygens in 1645<sup>3)</sup>, gee vir ons n goeie insig in Huygens se „kunssmaak" en --

---

1) Pen en Penseel: bl. 208.

2) „Verbeelding en Voorstelling" G.J. Hoogewerff, bl. 92.

3) R.G.P. (24) bl. 160, brief no. 3985.

opvatting. In hierdie brief stel Brosterhuizen vir Huygens in kennis dat hy die skildery (of ets) wat hy van die „soete“ Amersfoort gemaak het, aanstuur. Verder hoop hy dat Huygens baie van die skildery sal hou en dat dit in sy smaak sal val. Dan kom hy met die treffende opmerking: „U' Ed. t, weet ick, maectt gheen werk van dromen of grillen van schilders, maer houdt veel van 't gheen dat nae't leven, of 't wesen self gheteekent is...“

\* \* \* \* \*



HUYGENS, DIE ORANJE-HUIS, EN DIE  
SKILDERS VAN SY TYD.

Huygens en die van Dyck-navolgers:

Frederik Hendrik met sy groot voorliefde vir die buitelandse kuns, het die toon aangegee in die stadhouerlike hof en so was 'n algehele navolging van Anthonie van Dijck spoedig in swang in Den Haag.<sup>1)</sup> Van Dijck het as portretskilder die kuns verstaan om vorste en geestelikes te skilder. Hy het op meesterlike wyse daarin geslaag om manne imponerend maar nietemin vriendelik uit te beeld; lelike vroue verfraai hy, en 'n dame sonder „allures" kon hy verhef tot een van status en sjarme. Die postuur van Van Dijck se gestaltes is slank en rysig; hulle optrede is simpatiek, waardig en aristokraties, „die geheel is monumentaal zonder overdaad van rijkdom en detail".<sup>2)</sup>

Hierdie van Dijckse-portretstyl het dan ook spoedig die Haagse ideaal geword. Tydens sy kort verblyf in Holland het Van Dijck vir Frederik Hendrik, sy vrou en seun, sowel Constantijn Huygens geskilder. Ook die Haagse hofskilder, Gerard Honthorst, het spoedig 'n slaafse navolger van die Van Dijck-styl geword. In 1637 het hy vir Constantijn Huygens 'n portret geskilder van Frederik Hendrik en Amalia van Solms (Mauritshuis).

Hierna volg Jan Mijtens, Ludolf de Jongh en Janson van Ceulen wat almal die Van Dijck-rigting ingeslaan het. Omstreeks 1637 het Adriaan Hanneman hom in Den Haag kom vestig. Constantijn Huygens, „onse kunstzinnige hoveling by uitnemendheid, die herhaaldelik had doen blyken van zijn liefde voor buitelandse kunst en die zich ook door Van Dijck zelf had laten schilderen"<sup>3)</sup>, het spoedig na Hanneman se koms in den Haag aan hom 'n opdrag gegee van 'n groot portret van Huygens en sy gesin. Hierdie is 'n meesterstuk wat deur-en-deur getuig van talent en deeglikheid. Die familie-groep is in 'n sirkelvormige formasie

- 
- 1) Van Dijck was toentertyd 'n Engelse Hofskilder in diens van Karel I.
  - 2) Martin: „De Hollandse Schilderkunst in de 17de Eeuw" Deel II, bl. 156.
  - 3) Ibid.

geskilder. In die middel sien ons Constantijn Huygens; rondom hom, elk in 'n medalje, is sy kinders. Bokant hom is Suzanna; links die latere wêreldberoemde wetenskaplike, Christiaan; regs sy seun, Constantijn; links en regs onder respektieflik, Lodewijk en Philips. In hierdie portret is Huygens deur Hanneman gemaak tot 'n „volmaakte hovelingsverschijning naar internationalen snit, met bleeken kop en ietwat te groote, zachte oogen, blanke handen, gracieuzen pols en fijne vingers".<sup>1)</sup> Hierdie portret vorm inderdaad 'n kontras met die kernagtige, volbloed Hollandse Huygens-portret wat in 1627 deur Thomas de Keyser geskilder is. Maar Huygens was egter nie eensydig soos so baie kunsliefhebbers nie: so-as hy in 1627 de Keyser verkies het, het hy in 1641 die 74-jarige Mierevelt nog 'n kans gegee om hom te skilder, asof hy wou toon dat die onvervalste Hollandse portretstyl hom, ondanks Hanneman, nog baie na aan die hart lê. „Het einde was vanzelfsprekend de internationale portretvorm, want toan Huygens in 1672 zijn beeltenis bestelde bij den in Den Haag om strijd geprezen flatteur Netscher waren onze groote nationale conterfeyters reeds allen overleden."<sup>2)</sup>

Gerard van Honthorst (4 Nov. 1590 - 27 April 1656).

Gerard van Honthorst was 'n beroemde portret- en historieskilder in Huygens se tyd. Op jeugdige leeftyd het hy na Italië vertrek waar hy baie jare in Rome gewerk het. Spoedig het hy dan ook die naam gekry van „Gerardo della Notte"<sup>3)</sup> deur sy „nagstukke" met ligeffekte. In 1637 bevind hy hom in den Haag waar hy vir die stadhouers gewerk het. Van Honthorst het veral groot liefde gehad vir verewiging van historiese gebeurtenisse. 'n Skilder vir wie hy groot agting gehad het, was Johan van Bronckhorst. In 1637 skryf hy aan Huygens<sup>4)</sup> dat aangesien

---

1) Hierdie portret het eers in Huygens se woning aan die Plein gehang; tans pryk hy in die Maurits-huis. Sien Martin: Deel II, bl. 159.

2) Martin: „De Hollandse Schilderkunst in de 17de eeuw" Deel II, bl. 157.

3) Houbracken: Deel I. „De groote Schouburgh der Nederlandsche Kunstschilders en schilderessen" bl. 336.

4) R.G.P. (19) bl. 289 brief no. 1666.

van Bronckhorst 'n bekwame tekenaar en baie goeie etser is, hy (lg.) begerig is om Breda en die beleëring daarvan te skilder, sowel in „profiel“ as plattegrond. Aangesien van Bronckhorst hierdie taak nie kan volvoer sonder die hulp van iemand wat volkome op hoogte daarvan is nie, versoek van Honthorst dus dat „U Ed. sy deskundige, kunsinnige oordeel omtrent hierdie onderneming sal uitspreek“, en dat hy van Bronckhorst die nodige hulp sal verleen om die taak so goed en gou moontlik te voltooi. Huygens het waarskynlik genoeg geneem met van Bronckhorst se voorgenome taak, want vier maande later het hy vir Huygens bedank<sup>1)</sup> vir die leen van die kaart van Breda. Ook maak van Brockhorst verskoning dat hy nie, soos beloof, die kaart die vorige Woensdag teruggestuur het met die Haagse beurtskip nie, maar daar was so baie te doen dat hy hom verstout het om dit tot Saterdag te hou. Van Bronckhorst maak ook hier melding van drie etse wat hy aanstuur wat nog ontbreek aan die werk van mnr. Poelenburch -- dog, sê hy, hulle is van geringe betekenis.

Huygens het blykbaar aan Van Honthorst opdrag gegee<sup>2)</sup> om vir hom 'n portret van Prins Maurits en Prinses Amalia te skilder want lg. maak verskoning dat hy nie onmiddellik aan Huygens se versoek kan voldoen nie, daar hy tans besig is met die skilder van enige portrette vir die Prinses se kunsgalery.

Ook Ploos van Amstel het groot agting gehad vir Jan van Bronckhorst as historie- en allegorie-skilder. In sy skrywe aan Huygens<sup>3)</sup> prys hy van Bronckhorst aan as „en expert constenaer“. Verder vertel Ploos van Amstel aan Huygens dat van Bronckhorst voornemens is om tekeninge te maak van die beleg, op grond waarvan hy hom na Huygens toe gestuur het met 'n aanbevelingsbrief.

Dit was ook hoofsaaklik deur toedoen van Gerard van Honthorst en Huygens dat die bekende portretskilder, beeldhouer en boetseerder, Francesco Dieussart<sup>4)</sup>, beelde

---

1) R.G.P. (19) bl. 335 brief no. 1770.

2) R.G.P. (19) bl. 289 brief no. 1666.

3) R.G.P. (19) bl. 299 brief no. 1682.

4) Francesco Dieussart was beeldhouer van die Koning van Engeland.

gemaak het van Prins Willem, Maurits, Frederik Hendrik en Willem II.<sup>1)</sup> In 1641 het Van Honthorst hierdie kunstenaar na Huygens toe gestuur.<sup>2)</sup> „Terwijl dit soo een fraeij meester is en U E een groot liefhebber van de kunst, hoope hem behulpelijck weesse zult...” Francesco Dieussart het in alle waarskynlikheid terwyl hy in Engeland was, 'n beeld gemaak na 'n portret van Prins Frederik Hendrik, maar aangesien hy nie in staat was om 'n volmaakte skepping te maak van die Prins se gesig nie, was dit sy begeerte om lg. in lewe te sien alvorens hy hom in beeld kon verewig. Daarom versoek van Honthorst vir Huygens in sy brief, om die Prins te oorreed om 'n halfuur te sit vir dié kunstenaar, ten einde hom in staat te stel om sy kunswerk te voltooi.

Van Honthorst het beslis aansien geniet by die hoogste kringe. Op aanrade van die Prinses van Oranje het Beatrix de Cusance<sup>3)</sup> haar in 1652 deur hom laat skilder, want „de schilders hier (d.i. Antwerpen) hebben weinig naam”. Ook versoek sy Huygens om die Prinses te verwittig dat sy heeltemal bereid is om haar in Antwerpen te laat skilder. Maar dit blyk dat die Prinses nie te ingenome met die portret was wat Beatrix de Cusance haar as geskenk gestuur het nie, want in Desember 1652 skryf Huygens aan haar<sup>4)</sup> dat hy haar geskenk aan die Prinses van Oranje oorhandig het, „die mij heeft opgedragen u zeer te bedanken... Maar de Prinses vindt, dat de schilder u onrecht heeft gedaan; zij zal u een portret van haar, door Honthorst gemaakt, zenden”.

Huygens het sy hele lewe lank in baie noue kontak met die skilders van sy tyd gestaan. Die merkwaardige beskildering van die Oranjesaal in die Huis ten Bosch, was hoofsaaklik te danke aan sy raad en insig. Hy het hom o.a. deur Mierevelt, Thomas de Keyser, Lievens, van Dijck, Hanneman en Netscher laat skilder; deur Delff, Visscher,

---

1) R.G.P. (21) bl. 208 brief no. 2802. Vgl. ook: D.F. Slot-  
houwer: „De Paleizen van Frederik Hendrik” Leiden, 1945  
bl. 113, i.s. die kontrak. Vir hierdie vier beelde het  
Dieussa t 4000 Car. gulden ontvang. Ibid: bl. 337 & 351.

2) R.G.P. (21) bl. 208 brief 2802.

3) R.G.P. (28) bl. 156 brief no. 5252.

4) R.G.P. (28) bl. 158 brief no. 5259.

Vorsterman en Blootelingh laat graveer, en vir die opluistering van sy digwerke het hy o.a. Van der Venne en Jan de Bisschop gebruik. Met laasgenoemde was hy baie bevriend. Later jare het daar 'n vriendskaplike verhouding tussen hom en Jacob van Campen ontstaan, terwyl, soos reeds aangetoon, Huygens ook vir Rubens leer ken het en met hom o.a. gekorrespondeer het oor die bou van sy huis aan die Plein in Den Haag.

Dat die kunstenaars dit 'n groot eer en voorreg beskou het om bydrae te lewer tot die verfraaiing van die Oranjezaal, blyk maar al te duidelik uit die talle briewe wat Huygens deur die jare heen van hulle ontvang het, waarin hulle hulle dienste aanbied.

In April 1634 skryf A. van der Venne, digter en skilder, die volgende brief aan Huygens:<sup>1)</sup> „Gelief desen turf van de turfmarckt<sup>2)</sup> kunst gunstig aen te nemen, die uijt mijne gedachten is gebaggerd. Ik heb aan de Doorluchtige Prince van Orangen oock eenen turf durven bestellen... Wilt mijne genegentheijt grooter achten dan de gifte...” Dog hierdie bedekte aanbod het blykbaar nie veel byval by Huygens gevind nie, ten gevolge waarvan van der Venne hom in Augustus 1635<sup>3)</sup> verstout het om weer 'n skrywe aan Huygens te rig waarby hy weer eens een van sy boeke, na „'t Tafereel van de Belachende Werelt” ingesluit het.<sup>4)</sup> In hierdie brief is hy ooglopend strelend teenoor Huygens, om dan ten besluite oor te gaan om sy dienste aan te bied „om eyndlijck eens te verkrijgen, dat ick mochte de eere hebben wat aerdighs te maecken in die konstkamers van den Doorluchtigen Prince van Orange..... gelijk andere hebben gedoen”. Dat van der Venne terdeë bewus was van Huygens se groot invloed by die Oranjes is baie duidelik as hy sy brief afsluit .....„daartoe kon UEd. my wel helpen met gelegenheyt....” In weerwil van hierdie

---

1) R.G.P. (15) bl. 452 brief no. 892.

2) Die „turf” slaan op 'n boek deur homself geskrywe nl. „Zinnevonk op den Hollantschen Turf Ec” (ens.) Vgl. Houbraken: „De groote Schouburgh....” Deel I bl. 108.

3) R.G.P. (19) bl. 92 brief no. 1193.

4) Vgl. Houbraken: „De groote Schouburgh der Nederlantsche Kunstschilders en Schilderessen” Deel I bl. 107.

pogings van Van der Venne om in Huygens se guns te kom, blyk dit, volgens die versamelings van laasgenoemde se briefwisseling, dat hy geen sukses behaal het nie. Dit verbaas ons egter dat die grootmoedige Huygens hom nie 'n geleentheid gegun het nie, veral as ons in aanmerking neem dat Houbraken sê, dat <sup>sy kuns</sup> in dié tyd groot manne soos die Prins van Oranje, die koning van Denemarke en ander vorste behaag het.<sup>1)</sup>

Ook Abraham Van de Verwer<sup>2)</sup> het waarskynlik slegs een maal die eer gehad om 'n amptelike opdrag van twee skilderye van Huygens te ontvang. Alhoewel ons kan aflei dat die stukke van hoë gehalte moes gewees het (want hy bedank Huygens vir die „extra" goede ende royale betalinge") het hy, ten spyte van herhaaldelike aanbiedinge nie weer enige opdragte van die Oranjehof gekry nie. In <sup>†</sup>1640<sup>3)</sup> het Van de Verwer weer aan Huygens geskryf waarin hy hom nogmaals bedank vir wat hy vir hom gedoen het, dit wil sê in verband met die opdragte van genoemde twee skilderye. Hy spreek die vertrouwe uit dat Huygens weer eens van sy dienste sal gebruik maak ....„soo sinne Hoocheijt mij geliefde die eere te gonne om den jongen prinse te leeren teijckenen ende de verwen te handelen, dat mijn ed. heere aen Sinne Hoocheijt sydde, oock danck sal daerover vercrijgen, omdat ick verhoope seer goeden en getrouwen dinst te doen..."

Sy brief aan Huygens in 1645<sup>4)</sup> sluit J. Brosterhuizen af met die volgende naskrif: „messrs Campen, Colterman<sup>5)</sup> en Paulus Bor<sup>6)</sup> doen haer dienstighe ghebiedenis aen U'Ed.t." Dit was maar 'n paar van die talle skilders wat gewedywer het om opdragte van die Vorstehuis te ontvang.

Die bekende skilder van stillewens, Laurens Craen,

---

1) Vgl. Houbraken Deel I „De groote Schouburgh der Nederlandsche Kunstschilders en Schilderessen" bl. 107.

2) Vgl. R.G.P. (19) bl. 145, brief no. 1337.

3) R.G.P. (21) brief no. 2296 bl. 3 (Geen datum of plek nie.

4) R.G.P. (24) brief no. 3985 bl. 160.

5) Waarskynlik onbekend, volgens geraadpleegde bronne.

6) Paulus Bor (<sup>†</sup>1669) was 'n skilder, in Amersfoort woonagtig.

van Middelburg, het ongeveer 1648 getrag om in Huygens se guns te kom deur middel van 'n present wat hy aan hom gestuur het.<sup>1)</sup> „Dese tongh sal dienen om uit te spreken den iever, die ick hebbe om U Edelheijt te comen welcom heeten, mijnen dienst presentereen ende door dit giftich present mijn jonghe fortuyn in U gratie te verwoorderen,“ skryf Craen. Klaarblyklik het hy geen sukses behaal nie, want die volgende jaar, 1649, het hy weer eens 'n skrywe aan Huygens gerig waarin hy sy spyt en teleurstelling te kenne gee dat die voorreg hom nie te beurt geval het om ....„van mijnen geringen dienst.... sijn Ed. op te offeren....“. Verder versoek hy Huygens in alle nederigheid om hom by die Prins en prinses aan te beveel wanneer 'n geleentheid hom sou voordoen waarby hy hulle met sy kuns kan dien .....„gebruickt het recht van te gebiedende ende laet d'eere van te gehoorsamen aen eenen, die alle sijn hoogheyt bepaelt met het geluck van te wesen ende te blijven....“<sup>2)</sup> Blykens verdere korrespondensie van Huygens het hierdie kunstenaar tog nooit die eer gehad om enige opdragte aan die Huis van Oranje uit te voer nie.

'n Ander skilder wat gepoog het om in Huygens se guns te kom, was Alexander van Fornenbergh. Hy is gebore te Antwerpen, en was 'n bekende Suid-Nederlandse skilder en skrywer.<sup>3)</sup> In 1641 het hy 'n skrywe aan Constantijn Huygens gerig<sup>4)</sup> waarin hy hom meedeel dat hy die vrymoedigheid gehad het om aan hom enige werkstukke van hom te stuur .....„door ijverdrift, veroorsaekt in den eersten ooghenblick, geslagen over de sinrijcke wercken uwer Edt., heeft mij als bedwonghen te beminnen, die ick niet kende, ende noch meerder te kennen, die ick beminde“. Van Fornenbergh skryf verder dat hy gelukkig genoeg gewees het om kennis te maak met mnr. Reijnbouts,<sup>5)</sup> wat uit Leiden aangedoen het in diens van die Prins vir die aankoop van

1) R.G.P. (24) brief no. 4883 bl. 500.

2) Vgl. R.G.P. (28) bl. 24-25 brief no. 4991.

3) Aldus dr. Worp, dog volgens geraadpleegde werke blyk hy tog nie danig bekend te wees nie. Hy het o.a. 'n lewensgeskiedenis geskryf van Quentin Metsys.

4) R.G.P. (21) bl. 226 - 227 brief no. 2844.

5) Maerten Reijnbouts, in diens van die Oranje-Huis, het

tapyte en skilderye. Hy spreek derhalwe dan ook die hoop uit dat Reijnbouts aan Huygens sal verduidelik wie hy (Van Forrenbergh) is, en hom een en ander sal vertel aangaande sy kuns. Verder laat Van Forrenbergh vir Huygens baie duidelik verstaan dat daar in sy omgewing hy „geen dienstnutter onderdaen soude konnen vinden, met veel treffelijcke dinghen te konnen krij en ....voor geringhen prijs etc...”

Dit was egter nie al gewees nie. Van Forrenbergh was egter vasbeslote om Huygens onder die indruk te bring van sy kunssinnigheid, aanleg, bekwaamheid en -- sy belangrikheid. Hy sê dat hy by Reijnbouts verneem het dat die jong Prins baie geneë is tot die tekenkuns. Indien wel, sal hy dit as 'n groot eer en voorreg beskou as hy die jong Prins tot diens mag wees i.v.m. die onderrig in die tekenkuns, olieverf, landskap ens., en nog baie ander, waarvan ander mense vir hom sal getuig. As bewys van sy onderlegdheid in hierdie kunste stuur Van Forrenbergh dan ook aan Huygens een van sy tekeninge en die „ordonanties" wat hy in die loop van jare gedoen het. Dan sluit hy af.... „Wie, wat ick ben, ende hoe U.E. sich op mij te vertrouwen heeft, sal den hoogloffelijcken heere E. Puteanas<sup>1)</sup> -- U.E. jonsthertighe vriendt -- genoeghsaem getuijghen...." Blykens verdere briefwisseling, is daar geen aanduiding dat Huygens en die Prins in hierdie Suid-Nederlander belang gestel het nie.

Van Forrenbergh was egter nie die enigste persoon wat begerig was om die jong Prins in die tekenkuns te onderrig nie. A. de Verwer was een van die ander kandidate. In 1636 het hy twee opdragte nl. „die twee stucken schilderij van Vlissingen ende der Veeren"<sup>2)</sup>, uitgevoer vir Honselaersdijk, waarvoor hy £400 ontvang het. Hierdie sukses wat hy behaal, en eer wat hom te beurt geval het, het hom aangespoor tot hoër aspirasies, want in <sup>†</sup> 1640 skrywe hy aan Huygens 'n brief<sup>3)</sup> waarin hy weer eens sy dankbaarheid teenoor hom te kenne gee, maar spreek die versekering uit dat hy hoog vereerd sal wees met verdere

1) Professor te Leiden (~~1644~~).

2) R.G.P. (19) bl. 145 brief no. 1337.

3) R.G.P. (21) bl. 3 brief no. 2296.



Opdragte van die Oranje-Huis. „Ende houde mij verseeckert, soo sinne Hoocheijt mij de eere te gonne om den jongen prinse te leeren teijckenen ende de verwen te handelen, dat mijn ed. heere aen Sinne Hoocheijt sydde, ook danck sal daerover vercrijgen, omdat ick verhoope seer goeden en getrouwen dinst te doen....”

Die beroemde boumeester, Jacob van Campen, het in Mei 1643, ook in opdrag van Huygens, vier kunswerke laat vervaardig deur die skilder, Frans Oliviers,<sup>1)</sup> want Frans Oliviers skryf persoonlik aan Huygens in 1643: „Volgens de ordre van Mons. van Campen sende ue hiernevens vier doeke van de Zael van haer hoocheijt de vier modelle..... Die-selve doecke moge zonder zorgh zoo voorder gesonde werde, want die heel doel (deel?) besorght zijn”.<sup>2)</sup>

Pieter Saenredam (1597 - 1665) geb. te Assendelft, was veral skilder van die inwendige van kerke. Waarskynlik het die Prins begeer om Saenredam se „laest gemaecte groote kerk” te sien, soos blyk uit lg. se brief aan Huygens in 1648.<sup>3)</sup> Dog, Saenredam was nie te vinde hiervoor nie; want, sê hy, uit dure ondervinding wat hy beleef het, is hy nie geneë om die skildery na Honselaersdijck te stuur nie. Nogtans is dit sy hartewens dat die Prins sy skildery moet besigtig, wat Huygens reeds gedoen het. Derhalwe het hy hierdie stuk, benewens vyf ander van die grootstes na mnr. Vroom<sup>4)</sup> laat neem, waar dit gesien kan word. Ongelukkig is daar geen verdere aanduiding tot ons beskikking of die prins hierdie kunswerke aangekoop het, al dan nie.

---

1) Frans Oliviers (1667) woonagtig te Haarlem.

2) R.G.P. (21) bl. 383 brief no. 3260.

3) R.G.P. (24) bl. 479 brief no. 4818.

4) Cornelis Hendriksz Vroom († 1661), seun van die skilder

Hendrik Cornelisz Vroom, woonagtig te Haarlem. Cornelis Vroom het ook opdragte vir die Oranje-Huis uitgevoer. Vgl. R.G.P. (21), bl. 151 brief no. 2654, waar die boumeester Pieter Post van Huygens skryf: „...sal de schildery van Monsr. Vroom ook voorderen....” Verder bl. 168, brief 2707 waar Vroom self aan Huygens skryf: „.... dese dient als dat het stuck gedoen is, sodat het noch niet heel droog is, en wilde wel weeten, of ic op vrydach toecomende sonde...”

'n Sekere M. Le Blon<sup>1)</sup> het hom waarskynlik vergewis van die feit dat Huygens 'n besondere voorliefde had vir Italië as brandpunt vir die barok en 'n veelgesogte studieoord vir aspirerende en talentvolle kunstenaars soos aangedui is in die geval van Rembrandt en Jan Lievens. So rig Le Blon in 1646 aan Huygens 'n skrywe<sup>2)</sup> waarvolgens hy hom verwittig dat die beroemde beeldhouer, Artus Quellinus<sup>3)</sup> wat enige jare lank in Italië „met seer groot voordeel gepractiseert hebbende" weer na Antwerpe teruggekeer het. Daar Quellinus verskeie voortreflike werke, „so in kerken als voor particulieren gemaect hoeft", asook enige beelde vir die heer Hellemans<sup>4)</sup>, „die ick verstaet, zijn Hooch't becomen heeft....", wou Le Blon nie nalaat om hierdie kunstenaar aan Huygens, „als aan den patron van de vertueusen" voor te stel nie. Le Blon spreek ook die wens en vertrouwe uit dat Quellinus vereer sal word met enige opdragte van die Huis van Oranje....„d'welck mij sunderlinge lief sou wesen". Sowel Le Blon as Quellinus het blykbaar nie sukses behaal in hierdie poging nie.

'n Treffende beligting van Huygens as mens, sy speurges en sy karakter vind ons uit sy brief aan professor D. Heinsius van Leiden,<sup>5)</sup> in verband met sy nuwe huis aan die Plein wat hy voornemens was om te bou. Nie alleen het Huygens deskundiges op die gebied van boukuns, soos Van Campen, P.P. Rubens e.a. geraadpleeg nie, maar ook self 'n grondige studie van die vak probeer maak soos blyk uit die verskeie boeke wat hy in verband met die vak bestudeer het. So gesels hy met prof. Heinsius: „Terwyl ik met Vitruvius bezig ben, versamel ik de commentaren op dien

---

1) Handtekening onduidelik (volgens dr. Worp).

R.G.P. (24) bl. 276 brief no. 4259.

2) R.G.P. (24) bl. 276, brief no. 4259.

3) (1609 - 1668) Antwerpen.

4) Miskien Don Francisco Hellemans, van Suid-Nederland ens.

Vgl. Worp R.G.P. (24) bl. 276 Voetnoot (4).

5) R.G.P. (19) bl. 53 no. 1087.

schrijver. Kunt gij mij ook dien van Daniel Barbarus<sup>1)</sup> bezorgen? En dan zijn er nog die van Joannes Jucundus,<sup>2)</sup> Cesar Caesariano,<sup>3)</sup> J. Baptista Caporalius<sup>4)</sup> en Bernardinus Baldus<sup>5)</sup>". Ten slotte beloof hy Prof. Heinsius om spoedig aan hom die portret van sy (Huygens se) vader te stuur, geskilder deur Mierevelt.<sup>6)</sup>

\* \* \* \* \*

S.P. van Straten was blykbaar 'n prominente figuur in die leër van die Nederlandse Republiek gedurende die Tagtigjarige oorlog.<sup>7)</sup> Net voor die Vrede van Münster, 1648, was hy blykbaar baie begerig om sy tuiste in Vlaandere te besoek. Dit blyk ook dat hy besittings in St. Annaland in Zeeland gehad het. Ongeveer 1646<sup>8)</sup> skryf hy aan Huygens 'n brief waarin hy sy teleurstelling uitspreek omdat hy geen reistoelae kan kry om na genoemde oorde te gaan nie. Verder maak hy daarvan melding dat die Tesourier hom nog nege duisend gulde, wat hy vir die voorafgaande twee jaar nie ingevorder het nie, verskuldig is. „Ik zou een rijk man zijn, als ik mijne goederen terughad, maar ik ben in dat land slecht behandelt", kla Van der Straten. Hy het klaarblyklik in groot geldelike nood verkeer, want hy vra Huygens persoonlik om aan hom

- 1) „De architectura LIX cum commentariis Dan Barbari...“ ens. Venetiae 1567.
- 2) „M. Vitruvius per Jocundum solito castigatior factus cum figuris et tabula...“ 1511.
- 3) „De architectura librè dieci....“ commentati da Cesare Cesariano 1521. Cesariano († 1542) was sedert 1528 argitek van die Hertog van Milaan.
- 4) „Architettura con il suo commento et Figure...“ 1536. Caporali was skilder, digter en wiskundige in 16de eeu.
- 5) Waarskynlik „De Vitruvii verborum significatione...“ 1612. Bernardino Baldi (1553-1617) geb. te Urbino; geleerde, filoloog, digter ens.
- 6) In Jan 1635 het Huygens al in 'n brief aan Heinsius melding gemaak van die skildery: „Spoedig send ik het portret van mijn vader, maar Mierevelt is zoo langzaam“. Vgl. R.G.P. (19) bl. 45, brief no. 1064.
- 7) Vgl. R.G.P. (19) bl. 204, 366, en 393.
- 8) Vgl. R.G.P. (24) bl. 275, brief no. 4257 (datum onbekend).

eenduisendvyfhonderd gulde te leen vir ses maande, in ruil waarvoor hy hom die twee skilderye sal skenk wat vir 'n geruime tyd in Huygens se huis gehang het. Dit was „De opneeminge van Gannemedis" geskilder deur die beroemde Guido Reni (1575 - 1642) en die ander een 'n landskap van die beroemde graveur en skilder, Hendrik Goltzius.

Huygens was baie geneë tot hierdie transaksie, want hy het blykbaar die bekende Amsterdamse landskapskilder, Martin de Cocq, aangaande die skilderye van Van der Straten, geraadpleeg. De Cocq het Huygens verseker<sup>1)</sup> dat die skilderye, volgens Van der Straten, „oorrigeneel viijt de vuijst gemaect by Franciscus Badens, wesende een voornaem, ja treffelijck schilder" vervaardig is. Opvallend is dit hier dat Van der Straten die meesterskap van die „Gannimedes" toeken aan Franciscus Badens, skilder van groot Bybelse en mitologiese onderwerpe. Verder noem Van der Straten nie Goltzius hier as die skilder van die landskap wat hy Huygens aangebied het nie, maar wel Govert Jansz<sup>2)</sup>, (1578 - 1619), 'n leerling van Cornelis van Haarlem. Alhoewel De Cocq vir Govert Jansz hier aanprys as 'n kunstenaar, „die men placht mijn Heer te noemen, oek den voornaemsten lantschapschilder....", is sy werk tog onbekend. De Cocq voer aan dat hy deur middel van vele skilders in Amsterdam, Van der Straten se bewering ten opsigte van die oorspronklikheid van die skilderye sal kan staaf. Op Huygens se vraag na die waarde van die skilderye, het De Cocq geantwoord....: „Sijne Hoocheyt magh er sooveel voor geven als 't hem belieft...."

Dit wil voorkom dat Huygens aanvanklik baie geneë was om hierdie ooreenkoms aan te gaan, maar het dit raadzaam geag om die twee skilderye van Van der Straten eers op sig na Prins Frederik Hendrik se paleis te Honselaersdijk, te laat kom. Van der Straten was verheug hieroor, want hy het onverwyld vir Huygens laat weet dat hy die

---

1) Vgl. R.G.P. (24) bl. 284 brief no. 4283.

2) (1578-1619) Leerling v.d. beroemde Haarlemse skilder Cornelis Cornelisz Govert Jansz was in die wandel bekend as „Mijnheer"; hy was knap in landskappe en klein figure: Vgl. C.v.Mander: „Het Schilder-Boek" bl. 542.

skilderye aanstuur<sup>1)</sup> .....„Ick hadde UE verhaelt van twee schoone groote schilderijen, dewelcke met mijnen diennaer hierneffens afssende....UE vriendelicheyte heeft mijn geoffert de goede handt daeran te bieden...." skryf Van der Straten op 9 April 1646. Op die 16de April, so pas nadat die skilderye hom bereik het, skryf Huygens 'n brief<sup>2)</sup> aan Prins Frederik Hendrik waarin hy melding maak van die skilderye: „Die groot stukke van Van der Straten gaan vandag na Honselaersdijk...." Verder praat hy hier van die beeldhouer, Francisco, d.i. Dieussart wat die kleimodelle gereed had vir die standbeelde van Amalia van Solms. „Hy praat van 1,000 franc per stuk..., mais je pense le mettre á la raison'...."

Van der Straten se hoop, om van sy twee skilderye ontslae te raak is verydel, want hulle is afgekeur en aan hom teruggestuur van Honselaersdijk af. Op 15 Mei<sup>3)</sup> kla hy by Huygens dat hy die skilderye ontvang het, maar dat hulle in 'n uiters gehawende toestand by hom uitgekom het.....„denselvige zijn in den grondt bedorven, wesende vol sandt opgerolt ende ellendich geploijt"<sup>4)</sup>. Op hierdie brief van hom het Van der Straten geen antwoord ontvang nie, en drie jaar later, in Maart 1649<sup>5)</sup>, het hy 'n laaste poging aangewend om sy veelbesproke skilderye aan Huygens te verkoop, ten einde verligting te bring aan sy finansiële verknorsing. „Bidde derhalven, helpt mij aen 400 guldens, dat ick van hier kan, UE sal mijn danckbaerheyt so gevoelen, neffens de restitutie van die voorn vierhondert guldens in drie maenden ....oft so UE duisendt conde doen, ik sal UE die twee treffelijcke steucken schenden en, eer t geldt hebbe, UE thuijs senden ende de duisendt guldens metten intrest in sis maenden met dank weder beschicken....." Aan hierdie versoek van Van der Straten is blykbaar ook nie voldoen nie, want daar is geen aanduiding van enige verdere briefwisseling tussen hom en Huygens in laasgenoemde se brieweskat nie.

---

1) R.G.P. (24) bl. 293 brief no. 4308.

2) Ibid. (24) bl. 296 brief no. 4313.

3) Ibid. (24) bl. 308 brief no. 4346.

4) d.i. gevou.

5) R.G.P. (24) bl. 515 brief no. 4921.

n Ander kunstenaar was die gro t eer te beurt geval  
 het om n portret van Prinses Royale, d.i. Maria Stuart te  
 skilder, was portretskilder, Conzales Coques. Gedurende  
 1645 het Huygens aan hom n skrywe gerig<sup>1)</sup> waarin hy vermeld  
 dat die Prinses twee maal die wens uitgespreek het om deur  
 Coques geskilder te word. Coques voer aan dat hy gewillig  
 is om oor twaalf dae na Breċa te gaan om die Prinses te  
 skilder „want dan met dit begeeren van de Prinses Royale  
 mij veel eere geschiet, almede door UEd. verseuck....”  
 Coques doen dan ook by Huygens aansoek om vervoer, en  
 vertrou dat die Prinses hom nie „sall lang ophouden met  
 te sichten!”

Theodor Rogiers, n bekende goudsmid te Amsterdam, en  
 wat ook vir Karel I gewerk het, het in n brief<sup>2)</sup> aan  
 Huygens, hom bestempel as „vader van de koenste”. Rogiers  
 was baie gretig om van sy kuns in die Oranje-Huis te sien,  
 gevolglik voorsien hy Huygens van n lys van sy kunswerke  
 wat hy as hoogstaande beskou, waaronder ook landskappe  
 „alles naar het leven buyten roemen, elcke plaesse bekend  
 voer die daar gewest sijn; soo is t dat ick ue oetmoede-  
 lijken bidde mij sooveel vriendsschap te doen, aan Sijn  
 Hoocheijt te doen het eens te vertellen.....” Rogiers  
 bied ook aan om enige van sy kunswerke op eie koste na  
 Den Haag toe te vervoer. Klaarblyklik het Rogier nie  
 sukses behaal in hierdie poging van hom nie, trouens,  
 sy brief is waarskynlik nie eers beantwoord nie.

Onder Huygens se briefversameling verskyn daar n  
 brief aan hom van J. Buycx, gedateer 8 Januarie 1635<sup>3)</sup>.  
 Hierdie brief is vir ons van groot belang vanwee die  
 groot ontdekking wat Huygens daaruit gedoen het. Op die  
 brief het Huygens die volgende aantekeninge aangebring:  
 „J. Buycx aangaende 2 contrefeitsels van mijn over groot-  
 vader en moeder Vezelaer, gedoen door Quintijn Massys,  
 daervan mij de Hertoginne van Lorraine de Copijen heeft  
 vereert, gedoen door N. de Vos, tot Antwerpen”. Dit

1. R.G.P. (24) bl. 189 brief no. 4066.

2) R.G.P. (24) bl. 365, brief no. 4496.

3) R.G.P. (28) bl. 162, brief no. 5265 en Jorissen  
 bl. 363.

blyk baie duidelik dat Huygens naerstiglik navraag gedoen het by Buycx aangaande die skilderye van sy voorouers. Laasgenoemde deel hom mee dat sy vrou, Isabella Buycx Alewijn, die oorspronklike skilderye na weenen toe gestuur het om kopieë daarvan te laat maak deur die toenmalige beroemde skilder, Cornelis de Vos. Hierdie kunstenaar het saam met mev. Buycx se kopieë, vir hom ook twee gemaak -- volgens ooreenkoms. Na die afsterwe van de Vos, is hierdie twee kopieë gekoop deur die leermeester van die kinders van Johan van der Piet. Hy (Van der Piet), was sedert 1645 die trotse eienaar van die „Lanternhof“, wat vir baie dekades die trotse woning van die Huygens-geslag was. Hierdie goewerneur van Van der Piet het die skilderye aangekoop, nie vir homself nie, maar menende dat hy sy meester 'n groot verrassing sou besorg met hierdie skilderye, portrette van die bouers van die „Lanternhof“. Maar hy was onaangenaam ontugter, toe Van der Piet, wat geen liefde had vir die skone kunste nie, hierdie twee aangebode skilderye van die hand gewys het. Aangesien hierdie goewerneur van Van der Piet self 'n behoefte man was, het hy naerstiglik na 'n koper vir die skilderye gesoek. Hy het dit aan Buycx aangebied teen die belaglike som van twintig pond, maar hié het hom aanbeveel by sy swaer, Peeter Masson, (skilderkunshandelaar) wat hulle dan ook gekoop het.

Buycx wil Huygens daarom verseker dat die kopieë in goeie hande beland het. Ook belowe hy hom dat hy alles in sy vermoë sal doen om die oorspronklike portrette van sy grootouers in Weenen op te spoor.

\* \* \* \* \*

Die beroemde stillewe-skilder, Adriaen van Utrecht, het tussen 1644 - 1645 'n paar stillewens vir Prins Frederik Hendrik geskilder. Constantijn Huygens, sekretaris van Frederik Hendrik, was hier ook weer die bemiddelaar: Adriaen van Utrecht het in 1646 'n brief aan Huygens geskryf<sup>1)</sup>, waarin hy hom bedank vir sy welwillend-

1) R.G.P. (24) bl. 293, brief no. 4306.

heid, en goedheid, en dat Huygens hom so begunstig . . . het met die keuse van sy skilderye. Van Utrecht ag dit 'n groot eer en voorreg om enige diens aan Huygens en die Oranje-huis te lewer, . . . „want ik anders niet en dessirere als U.Ed. alle soorten van dienstbaerheijt te betoonen. . . .” Die kunstenaar skryf dat hy 40 gulden vir die „Connynen-stuk” gekry het van die graaf van Arundel en dat hy nie minder as honderd gulden vir die stuk van die „Vruchten” kan vra nie. Alhoewel hy reeds honderd en-twintig gulden aangebied is vir laasgenoemde skildery, is hy heeltemal bereidwillig om dit aan Huygens af te staan, mits hy hom sestig gulde meer sal betaal as vir die stuk van die „Connijnen”. Huygens sal hierdie stuk dan ook kan kry aan huis van die heer van Cabbau.

Dit blyk dat Adriaen van Utrecht nog veel meer opdragte vir die Prins van Oranje uitgevoer het, want in Junie 1648 het hy (Van Utrecht) die stoute skoene aange-trek deur 'n persoonlike brief aan Huygens te rig<sup>1)</sup> waarin hy aandrang op vergoeding van vier-honderd gulden wat die Prins aan hom verskuldig is. Hy beroep hom op Huygens se „aangebore beleeftheijt” om hom so gou as moontlik te betaal, daar hy baie geldbehoewend is en tien kinders het om te onderhou. Van Utrecht spreek sy dank uit vir die eer wat hom aangedoen is deur enige werk te kon lewer aan „so een doorluchtigh prins als sijne Hoocheyt.”

Die regskepe Huygens het nie net opgetree as beskermmer van die skilder-kuns vansy tyd nie maar ook waar hy moontlik kon, in die bresse getree vir die skilders. Die bekende Amsterdamse skilder en kunshandelaar, Gerrit Uylenburgh is in 1672 beskuldig van bedrog en vervalsing van skilderye en wat hy aan die keurvors van Bradenburg verkoop het. Die aanklaer was die bloem-skilder, Heuri de Fromantiou. Huygens was vasberade om Uylenburgh te beskerm en sy onskuld te bewys. Derhalwe skrywe hy in Mei 1672 aan Von Pelnitz<sup>2)</sup>, opperstalmeester van die

1) R.G.P. (24) bl. 481 brief no. 4825.

2) R.G.P. (32) bl. 303, brief no. 6841.



Keurvors van Bradenburg, en iemand wat hom baie met hierdie netelige saak bemoei het, dat aangesien hy (Huygens) ook indirek met die saak gemoeid is, hy persoonlik die verdagte skilderye gaan besigtig het. Hy verseker Von Pelnitz egter dat die skilderye almal van hoogstaande gehalte is, en dat geeneen van hul n kopie is nie. Trouens, hy wil Von Pelnitz en Fromantiou verseker dat die skilderye jarelank as eg in n versameling in Amsterdam gehang het.

Hierdie verklaring van die invloedryke Huygens het moontlik die saak in n baie groot mate besleg, want daar is klaarblyklik weinig verdere korrespondensie hieroor gevoer.<sup>1)</sup>

Thomas Willeboirts Bosschaerdt was n beroemde skilder wat hoogaangeskryf gestaan het by die Oranje-Huis. Tussen 1642-1647 het hy onder andere sewentien skilderye, meestal tafarele uit die Griekse fabelleer, vir Prins Frederik Hendrik en later sy seun, Prins Willem, geskilder.<sup>2)</sup> In 1641 het Huygens hom gevra om met Theodor Rogiers, die bekende goudsmid te Amsterdam, in verbinding te tree in verband met n paar „conterfeytseltien" wat hy vir die Prins moes doen. Willeboirts antwoord in Oktober 1641<sup>3)</sup> dat hy die Prins se opdrag stiptelik uitgevoer het, dat hy die beeldjies, deur Rogiers, gesien het „soowel in silver als in wasch", en dat albei baie fraai is. Hy rapporteer ook aan Huygens dat Rogiers te kenne gegee het dat hy dit self aan hom sou versend. Huygens het blykbaar ook by Willeboirts navraag gedoen aangaande die werk van die kunsliefhebber, Cordes, want Willeboirts het sy misnoeë te kenne gegee oor die gehalte van dié versamelaar se „skatte": „...„maer sach daer seene, dye met mijn opinie sijne Hoocheijt souden aangenaem geweest hebben....",

1) Houbraken: „De groote Schouburgh der Nederlantsche Schilders en Schilderessen", Deel II, bl. 230, 319.

Vgl. ook Bredius: „Oud-Holland V, bl. 44-46, wat ongelukkig nie hier geraadpleeg kon word nie.

2) R.G.F. (21) brief 2894 bl. 246 en Houbraken: „De groote Schouburgh der Nederlantsche Konstschilders en Schilderessen" Deel I, bl. 281.

3) Ibid (R.G.F. 21) bl. 275 brief no. 2975.

en dan verwys hy na die beroemde Barok -- en liefling-  
skilder van Huygens, nl. Rubens... „maer sal eens syen  
tot mijn H.r Rubbens, oft daer yet is, ende sal mette  
eerste gelegentheyte UE daerover schrijven". Willeboirts  
meld ook dat hy aan Huygens „12 printiens van die fatsoen"  
stuur, net soos dié wat laasgenoemde aan hom getoon het  
tydens sy jongste besoek aan hom.

Dat Willeboirts se kuns hoog aangeprys is deur Huygens,  
spreek maar alte duidelik uit in n brief wat laasgenoemde  
dieselfde jaar, 1641, aan Prinses Amalia gerig het.<sup>1)</sup>  
Hierin voer Huygens aan dat die Prins van Oranje begerig  
is om n skildery van n sekere jong, maar beroemde skilder  
te Antwerpe, nl. Willeboirts, te besit. Huygens deel ook  
vir Prinses Amalia mee dat die Prins voornemens is om dié  
kunstenaar aan een of ander „schouw" (skoorsteen-skildery)  
te laat werk, ten gevolge waarvan hy spesiaal vir hom n  
paspoort vanaf den Haag laat aanstuur het vir sy reis na  
Bergen op Zoom, een van die Prins se rusoorde.

Ongelukkig kon Willeboirts sy belofte om Rubens se  
ateljee te besoek, nie nakom nie. Hy skryf aan Huygens  
in Desember 1641<sup>2)</sup> (18 maande na Rubens se oorlye) n brief  
van verontskuldiging dat hy nie, soos belowe, na die huis  
van wyle Rubens toe kon gaan om vir hom n lys op te stel  
en tekeninge te maak van skilderye van hom wat daar te  
koop is nie, aangesien die skilder se weduwee vir geruime  
tyd in Brussels verkeer het. Nou deel Willeboirts vir  
Huygens met genoeg mee dat hy, na die terugkeer van  
Helena Fourment,<sup>3)</sup> n opname en tekeninge gemaak het van  
die vernaamste skilderye wat daar nog is. Ongelukkig,  
sê hy, is meeste van die beste werke, te wete die kopieë  
na Titian, reeds verkoop, maar ander werke soos o.a.  
verskeie portrette na Titian, is nog beskikbaar. Wille-  
boirts bied sy dienste aan Huygens, indien „sijn Hoocheyt",  
die Prins van Oranje, enige van die kunswerke van Rubens  
sou begunstig.

1) R.G.P. (21) bl. 241. brief no. 2883.

2) R.G.P. (21) bl. 253, brief no. 2916.

3) Eggenote van Rubens.

Willeboirts het verskeie verdere opdragte van Huygens namens die Huis van Oranje ontvang. In 1642 skryf hy aan Huygens: „..... Het stucxken, hetgene ick voor syne Hoocheyt begost hebbe, dencke, als de campangie uyt, dat het dan tyts genoeg sal gedaen syn: dus so niet, sult mij gelieven te adviseren...”<sup>1)</sup>

In 'n brief aan Prinses Amalia van Oranje in 1649<sup>2)</sup> verklaar Huygens dat hy opdragte vir die Oranjesaal <sup>3)</sup> aan sekere skilders gegee het. Hy skryf aan die Prinses dat hy vyf of ses dae gelede die modelle gesien het, van die stukke wat aan Willeboirts en Consales opgedra is. Huygens sê dat hy sal toesien dat die modelle aan die Prinses getoon word vir haar goedkeuring, daar hy nie die opdragte aan die skilders finaal wil toeken sonder haar toestemming nie. Verder rapporteer hy aan Amalia van Solms dat die genoemde skilder, Crayer, uit Brussel, hom skriftelik verontskuldig het dat hy nie in staat sal wees om uitvoering te gee aan die opdrag van die Prinses nie. Huygens beskryf Crayer se besware as „valse voorwensels”, want hy meen dat die werklike oorsaak lê in die feit dat die skildery wat dié kunstenaar moet vervaardig, té Hugenoots en Oranjegesind van aard is om uitgevoer te word in die Spaansgesinde Brussels.<sup>4)</sup> Die opdrag was die Crayer moes uitgevoer het, was die veldtog van „Sy Hoogheid” met Prins Maurits, nl. Die Slag by Nieuwpoort. Maar Huygens was vasberade om uitvoering aan hierdie opdrag te laat geskied en daarom het hy ander skilders oorweeg aan

---

1) R.G.P. (21) bl. 343 brief no. 3134.

2) R.G.P. (28) bl. 15, brief no. 4969.

3) Na die dood van Frederik Hendrik het Prinses Amalia besluit om die Oranjesaal 'n nuwe bestemming te gee as 'n mausoleum ter nagedagtenis van haar eggenoot. Vgl. bl. 55 en verder Slothouwer: „De paleizen van Frederik Hendrik” bl. 192 - 224.

4) 'n Baie belangrike en interessant opmerking van Huygens. Dit werp o.a. 'n lig op die Godsdiensttoestande van daardie tyd -- na die oorrompeling van Suid-Nederland deur Spanje, wat veroorsaak het dat merendeel van die Suid-Nederlanders of Katoliek geword het, of na Noord-Nederland toe moes gevlug het vir die behoud van hulle geloof.

wie hy dit kan toeken. Hy het die regte man gevind want ....„in Antwerpe dink die skilders dat, wat die skilder van perde betref, niemand geskikter vir dié taak sal wees as Willeboirts nie". Hierdie skilder het al duidelike bewyse daarvan gelewer, aldus Huygens, derhalwe sal hy bly wees indien die Prinses volgens haar eie diskressie sal handel en 'n plaasvervanger vir De Crayer wil aanwys. Twee weke hierna het Huygens weer aan die Prinses verduidelik<sup>1)</sup> waarom daar 'n vertraging voorgekom het met die aanstuur van die modelle aan haar, waarvan hy in sy vorige brief melding gemaak het. Huygens skryf hierdie vertraging onomwonde toe aan Van Campen<sup>2)</sup> wat opdragte aan die skilders gegee het wat baie vaag was. In hierdie brief meld Huygens dat aangesien hy Willeboirts as die geskikste plaasvervanger vir de Crayer geag het, hy die vrymoedigheid gehad het om die opdrag aan hom toe te ken.

Huygens het mag en invloed by die Oranje-Huis gehad en uit bogaande brief blyk dit duidelik dat hy deeglik op hoogte was met die smaak en standaard wat die Oranjes gehandhaaf het.

Willeboirts was inderdaad baie ingenome met hierdie opdrag, want vier maande daarna het hy Huygens laat weet dat hy druk besig is met die skilderye, „hoewel aen 't opmaecken sal noch al wat werk vallen".<sup>3)</sup> Een van die opdragte aan Willeboirts was onder andere om 'n „Seevittorie" vir die Oranjesaal te vervaardig. In hierdie skildery verskyn Prins Frederik Hendrik, gewapen, staande op die wa van „Neptuyn", wat hom die teuels in die hand gee; die perde is geskilder met mossels en oesters en ander seege-wasse in hulle mane en ....„in de loght de fortuyn die hem de scheepscroon boven 't hoofd houdt...."<sup>4)</sup>

---

1) R.G.P. (28) bl. 17, brief no. 4974.

2) Hy is aan spits van sake gestel in verband met die beskildering van die Oranjesaal. Vgl. Slothouwer: „De Paleizen van Frederik Hendrik" bl. 194.

3) R.G.P. (28) bl. 32, brief no. 5014.

4) R.G.P. (28) bl. 32, voetnoot (4); ontleen aan die „Beschrijving der Schilderijen in de Oranjezaal" (1767).

Willeboirts doen ook 'n dringende beroep op Huygens om vir hom portrette te stuur van sowel Prins Maurits as Frederik Hendrik soos hulle gelyk het, Maurits 33 jaar en Frederik Hendrik 16 jaar oud, in die slag van Nieupoort.

Willeboirts stuur ook twee skilderye aan Frederik Hendrik; die een, sê hy, is 'n naakfiguur, wat deur skilders van sy omgewing beoordeel word as die beste naakfiguur wat hy ooit geskilder het....„doch ick wete niet, of t d'opinion daer sullen overeenkomen...." Hy het spoedig hierop 'n antwoord van Huygens ontvang<sup>1)</sup> waarin hy hom meedeel dat 'n portret van Prins Hendrik aan hom gestuur sou word. Wat Prins Maurits betref, moes Willeboirts maar na goddenke handel, en hom skilder met 'n baard -- vierkant of spits -- soos hy sy hele lewe deur verskyn het. Willeboirts sou instaat wees om sy opdrag in Mei 1650 te voltooi.

\* \* \* \* \*

Jacob Jordaens het deur sy onversetlike strewe en ywer die naam van „die groot meester" in die Kuns verwerf. Vroeg het hy sy spore verdien met kunswerke soos nabootsings van Caracci, Titiaan e.a. Later het hy 'n ander rigting ingeslaan en feitlik 'n dissipel van Rubens geword. In hierdie opsig het sy kwas hom telkens verraai. Hy het veel vermag en o.a. ook 12 tafarele geskilder oor die Lyding van Christus vir Koning Karel Gustaaf van Swede. Maar sy grootste roem het hy seer sekerlik in 't Huis ten Bos, buitekant den Haag, verwerf, waar hy die roemryke dade van Prins Frederik Hendrik met sy kwas vertolk het in die allegoriese „Triomf van Frederik Hendrik". Prinses Amalia van Solms het in 'n groot saal

---

1) R.G.P. (28) bl. 39, brief no. 5033.

(sogenaamde „Saal van Oranje“) rondom teen die mure en panele tafarele la t skilder wat die groot daad van haar eggenoot vertolk. Die vernaamste stukke wat hierin voorkom, sê Houbraken, is van die hand van Jacob Jordaens.<sup>1)</sup> Saam met Willem van der Meulen o.a. ook in 1649 'n opdrag van die Prins van Oranje ontvang.<sup>2)</sup> In 1651<sup>3)</sup> het Huygens aan Jordaens verdere besonderhede verstrekk aangaande die Prinsesse se wense in verband met die „Triomfstuk“. Hy meld onder andere dat die Prinsesse versoek dat daar geen gesigte van ander Prinse op die tafareel mag verskyn, dan dié van „den vader ende den zoon“, d.w.s. van Prins Frederik Hendrik en sy seun Willem II. Jordaens spreek sy spyt uit oor hierdie misverstand, maar beweer dat hy onbewus gehandel het teen die wens van die Prinsesse, in opdrag van Van Campen.

Die grootste eer wat Jacob Jordaens te beurt geval het, was sekerlik in 1651, toe Huygens, in opdrag van die Prinsesse, 'n konsep-opstelling en samestelling van die beoogde „Triomfstuk“, soos deur Van Campen aanbeveel, aan hom gestuur het vir sy kritiek en aanbevelings.

Jordaens het hierop geantwoord.<sup>4)</sup> Uit hierdie verslag blyk onomwonde Jordaens se kennis van, en insig in die beeldende kunste. Sy aanbevelings as sodanig, is nie hier ter sake nie, maar wat wel van belang is, is die

1) Houbraken: „De groote Schouburgh der Nederlantsche Konstschilders en Schilderessen“ Deel I, bl. 122. Hierdie bewering van Houbraken is m.i. oordrewe en vergesog. Jacob van Campen, argitek en skilder behoort die louere weg te dra vir sy bydrae tot die Oranjesaal. Slothouwer skryf in „De Paleizen van Frederik Hendrik“ o.a. : „Deze Zware taak (verwysende na die Saal van Oranje) werd in handen gesteld van Jacob van Campen....“ Verder lees ons hier van sy „uitzonderlike begaafdheid als architect en als schilder....“ bl. 194-196.

2) R.G.P. (28) bl. 39, brief no. 5033.

3) R.G.P. (28) bl. 123, brief no. 5190.

4) R.G.P. (28) bl. 84, brief no. 5132.

groot bewondering en agting wat hy koester vir Huygens, en sy groot en hartstogtelike liefde vir die Huis van Oranje. Hy praat bv. van Huygens se „cloeck verstandt”<sup>1)</sup> en van sy heldere insig in sake. Verder meen Jordaens dat die dood-motief wat deur Van Campen beplan is, heel onvanpas is by die glorieryke daed van die Prins en, te meer, katastrofaal is met die benaming: „Triomfstuk”. „....de doot, die tegen de faeme schijnt te strijden; oorsaecke, omdat de doot, eens in ons ander stuck haer effect gedaen hebbende, in dit stuck der triumphe niet meer en behoort gedacht te werden. Want de doot is geheel het contraerie van dat men wildt eterniseren, en de triumphe dienvolgens gants contraerie.....” Voorwaar n treffende gedagte wat Jordaens hier uitspreek!

\* \* \* \* \*

1) Hierdie en oergelike verwysings na Huygens, kan egter ook beskou word as beleeftheid en vleiers van die tyd. In hierdie studie is reeds al aangetoon hoe begerig die kunstenaars van daardie tyd gewees het om opdragte van die Vorste-huis te bekom.

DIE LAASTE LEWENSJARE VAN  
CONSTANTIJN HUYGENS.

As ons in gedagte hou dat Huygens in 'n eeu geleef het van outoriteitsgeloof in menige lewenskringe, dat hierdie Calvinis die onderskeid tussen die van God-verordineerde stande in die oog moes hou en eerbiedig, sal ons sy grootgeestigheid, menslikheid en beginselvastheid nog meer waardeer; sal ons Huygens meer 'n waardige verteenwoordiger van die Nederlandse volk beskou in die dae van sy krag, die hoogtepunt in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Nederlande. Inderdaad was hy 'n man wat gedien het as maatstaf by die beoordeling van die openbaring van die Nederlandse volksgees van die 17de eeu.

Huygens het in alle kringe tuisgevoel. Selfs as grysaard, tydens sy verblyf in Frankryk het hy hom verlustig ...."te veel man van de wereld om niet een kijkje te nemen"<sup>1)</sup> -- in die Paryse salons. Tog kan ons nie aanvaar dat dit wêreldse verganklikhede was wat hom by voorkeur getrek het nie; kunstenaars en geleerdes het hom nader aan die hart gelê. Behalwe die bekende en geleerde, kritikus en digter, Jean Chapelain, het hy nog manne ontmoet soos Michel de Neure, wiskundige en wysgeer, en talle ander. In 1663 het hy ook die beroemde Franse digter Corneille ontmoet, met wie hy voorheen gekorrespondeer het. Hy het Corneille te Rouen opgesoek, waar hulle 'n merkwaardige dispuut gevoer het oor die Franse versmaat, wat aanleiding gegee het tot veel skrywery.<sup>2)</sup> Van die beeldende kunstenaars het hy die bekende Franse skilders Beaubrun, wat hom 'n portret van Anna de la Barre, die Franse sangeres geskenk het (wat hy in den Haag ontmoet het)<sup>3)</sup>, en die graveur Robert Nanteuil, wat hom later in 1666 'n pragtige portret van Lodewijk XIV geskenk het. "Ik heb van den heer Nanteuil"<sup>4)</sup> een pragtig portret van den koning gekregen, ....wilt gij hem daarvoor bedanken.....", skryf Huygens in September 1666 aan

1) R.G.P. (32) Inleiding bl. VIII.

2) R.G.P. (28) brief no. 6093.

3) R.G.P. (24) bl. 486, & R.G.P. (28) bl. 166.

4) R.G.P. (32) bl. 198, brief no. 658.



C.G. Romph, 'n lid van die Nederlandse ambassade te Parys.

Ongelukkig word die naam van die skilder van hierdie portret nie vermeld nie, maar heelwaarskynlik is dit Nanteuil self.

Die laaste jare van Huygens se vrugbare en veelbewoë lewe, het ons „illuster grootevaertge“<sup>1)</sup> steeds met groot ywer en grenslose toewyding aan sy lewensamp gewy. Daarom dat De Huybert<sup>2)</sup> hom bestempel as 'n man „wiens weerga Hollandt weijnich heeft voortgebracht“ en 'n persoon wat selfs nog op tagtigjarige leeftyd getoon en uitgeleef het „de hoope die in ons is“. In dieselfde jaar het Huygens nog op eerbiedige wyse en met geboë hoof vir ure aaneen agter die grafstoet van De Ruyter gestap.

Tog het Huygens se briefwisseling, en veral met die skilders van sy tyd, in 'n hoë mate afgeneem in die laaste jare van sy lewe. In die briefversameling wat ons besit uit hierdie laaste fase is daar slegs enkeles van belang ten opsigte van die skilderkuns.

Op 2 Julie 1677 het Huygens aan Jeanne van Aerssen, dogter van die drossaard van Breda, geskryf<sup>3)</sup>. Sy was self 'n vermaarde skilderes wat uitstekend was in die nabootsing en kopieëring van Italiaanse skilderye. Sy het o.a. ook 'n portret geskilder van haar suster, mev. Sterrenburg (weduwee van Pieter van Wassenaer-Sterrenburg, goewerneur van Willemstad) wat hoog aangeprys is deur die beroemde skilder, Casper Netscher.<sup>4)</sup> Jeanne van Aerssen wou blykbaar 'n sekere skildery by Huygens geleen of verkry het. Sy brief handel oor die vervoer van 'n sekere portret aan haar. Huygens sê dat hy verplig is om te wag op die terugkeer van Romswinckel<sup>5)</sup>, om die saak omtrent die skildery met hom te bespreek. Ook voer Huygens aan

---

1) R.G.P. (32) bl. 389, brief no. 7052.

2) Ibid.

3) R.G.P. (32) brief no. 7055.

4) R.G.P. (32) bl. 351, brief no. 6946.

5) Romswinkel was Geheimraad en Kanselier van die Keurvors van Brandenburg, en sy gesant in Den Haag.

dat hy uit vertroubare bron verneem het dat die skildery wat Jeanne van Aerssen wil hê, nie in besit van Romswinckel is nie, maar in die paleis van die Prins te Honselaersdijck, waar tans n kunskamer ingerig word ..... "ou on est apres à former une sorte de constkamer...." Huygens belowe ook om persoonlik na hierdie kunskamer te gaan om te sien of daar iets is wat haar mag welgeval. Indien wel, sal hy haar breedvoerig hieromtrent inlig. Inmiddels, sê Huygens, het hy die stuk van Achilles by Honselaersdijck laat haal, en mev. Wouweren, die huishoudster van die paleis daarvan in kennis gestel. Ook het hy haar in kennis gestel om n timmerman te laat kom om n kas te maak vir die skilderye, ten einde hulle veilig aan haar (Jeanne van Aerssen) te besorg.

n Groot verrassing het Huygens in Oktoer 1677 te beurt geval toe hy n skildery ontvang het, vermoedelik n selfportret van die beroemde skilder, Jan van Calcker<sup>1)</sup>. Huygens het n kopie hiervan gekry van Jeanne van Aerssen. Hy wou sekerheid hê of dit werklik deur Van Calcker self gedoen is en of dit maar n goeie skildery van sy skool is. Daarom skryf hy aan Graaf Johann Maurits van Nassau<sup>2)</sup>, wat Goewerneur van Kleef was en versoek hom om ondersoek in te stel na die oorsprong en egtheid van die selfportret van Van Calcker. Huygens beweer ook dat daar geen werklike oorspronklike tekening van die portret beskikbaar is nie, wat sy taak tot vergelyking en vasstelling, nog verder bemoeilik. Hierdie edele man, dissipel van Titiaan, en wat jonk in Napels gestorf het, het tot so n hoogte en volmaaktheid gestyg in sy kuns, dat sy volgelinge en tydgenote gemeen het dat dit onmoontlik is om hom te onderskei

1) Jan Steven van Calcar (1499 - 1546) Hy is gebore in die stad Calcar; was n leerling en volgeling van Titiaan. Hy het soveel roem verwerf met sy nabootsing van Titiaan dat hy daarin geslaag het om „Italië den mond te snoeren". Vgl. Carel van Maner: „Het Schilder-Boek" bl. 173/4, 2de Uitgawe, 1943; w.3.

2) R.G.P. (32) bl. 393, brief no. 7062.

van sy meester Titiaan, aldus Huygens.<sup>1)</sup>

In „Huygens Gedichten“<sup>2)</sup> plaas dr. Worp 'n gedig van Huygens wat hy oor hierdie onderwerp geskrywe het onder die opskrif: „Op het conterfeitzel van Ian van Calcars geboortestad, door hem zelfs gedaen, en meesterlijck gecopieert door IOFF. IANNE VAN AARSSSEN“. Hierdie opskrif verwerp dus my bewering dat dit 'n „selfportret“ van Van Calcar sou wees. Volgens hierdie opskrif blyk dit 'n skildery te wees deur Van Calcar van sy geboortestad, Calcar. Huygens het blykbaar, nadat hy genoemde brief aan Graaf Maurits van Nassau geskrywe het, vasgestel dat die verdagte skildery nie 'n egte Van Calcar-stuk was nie, maar wel 'n meesterlike kopie daarvan deur Jeanne van Aerssen. Daar dit so 'n treffende gedig van Huygens is, waarin Titiaan, Van Calcar en Van Aerssens soveel lof toegeswaai word, word dit hier geplaas:

Een grote Titiaan (Arezzo moet het horen)  
En was 't niet langh alleen: een tweede wierd geboren  
In zyn gezegend' eeuw, in Hoogh-duits laaghte land:  
En die het niet en wist nam beide voor een hand:  
Ia scherp Italien en kost niet onderscheiden  
Van beider wonderen, welck wiens was van haar beiden.  
By honderd jaren heeft die twe-stryd vas gestaan;  
Men vraaghde dagelycks, of Calcar Titiaan,  
Of deze Calcar was. Nu valt het scheel in dryen:  
Een Titiane komt, en treedt met beid' aen 't stryden;  
En strydt met een Pinceel haar beide zo gelyck,  
Dat die suff in de keur, suft, en heeft groot gelyck:  
Ia, quamens' uit het graf, daar in zy beide leggen,  
Zy suffen ewen zeer, en zouden moeten zeggen,  
Welck is van Aerssens, welck is ons werck van weleer?  
En ik zouw zeggen, hoort: in Aerssens hand is d'eer  
Van alle handen: keert te rust, en scheidt verwondert;  
Ghy waart maar jeder een groot meester, en zy honderd.

---

1) Huygens het hierdie opmerking waarskynlik ontleen aan Carel van Mander. Vgl. Carel van Mander „Het Schilderboek“ bl. 173/4; 2de uitgawe, 1943.

2) Huygens Gedichten: Deel VIII bl. 347-348.

BESLUIT.

Huygens is meermale geskilder en geteken. In 'n inventaris van 1785 word 12 portrette en 'n borsbeeld van hom genoem. Enkele hiervan bevind hulle in openbare versamelings. Ten besluite gee ek 'n aanhaling uit die pragtige studie in die : „Revue des deux Mondes" van 1 Junie 1893 (bl. 568 - 609)<sup>1)</sup>, wat die bekende Franse kunskenner, Emil Michel, aan Huygens gewy het. Hierin vind ons 'n uitmuntende beeld van die betekenis van Huygens as digter, musikus, kunstenaar, diplomaat ens; as troue dienaar van die Huis van Oranje, 'n ontleding van sy karakter en wêreldbekouing en betekenis vir die mensheid: „'n Mens sou tevergeefs soek watter aspekte ontbreek het aan hierdie regskepe man, en 'n mens staan verbaas oor wat hy geweet het om te handhaaf van die verskillende deugde in sy lewe wat so goed geleef en so goed gevul is.

Daar bestaan in elk geval geen beter voorbeeld van wat die besteding van 'n mens se tyd en die wilskrag om die rykste gawes te laat toeneem, vermag. As daar vir elke volk bevoorregte tipes bestaan wat die beste eienskappe van daardie volk in sekere opsigte skyn te beliggaam, dan verdien Huygens om deur sy sieleadel, deur sy gesonde verstand en suiwere besadigde gees ewe deurdringend as prakties, en boweal deur sy voordurende begeerte na volmaaktheid wat hierdie lyfspreuk „Constanter" (ontleen aan sy naam) so goed regverdig het, tegelykertyd genoem te word as een van die waardigste verteenwoordigers van die Hollandse ras en as een van die mense wat die meeste eer verleen het aan die mensdom".<sup>2)</sup>

---

1) R.G.P. (32) Inleiding bl. XXIV.

2) R.G.P. (32) Inleiding, bl. XXIV. (Ek vertaal uit Frans).

LYS VAN GERAADPLEEGDE LITERATUUR.

1. R.G.P. 15 = Eerste Deel (1608-1634); 960 briewe.
2. R.G.P. 19 - Tweede Deel (1634-1639); 1332 briewe.
3. R.G.P. 21 = Derde Deel (1640-1644); 1304 briewe.
4. R.G.P. 24 = Vierde Deel (1644-1649); 1329 briewe.
5. R.G.P. 28 = Vyfde Deel (1649-1663); 1107 briewe.
6. R.G.P. 32 = Sesde Deel (1663-1687); 1164 briewe.  
 ——— Uitgegeë deur dr. J.A. Worp, s'-Gravenhage:  
 Martinis Nijhoff, 1914, onder:  
 „De Briefwisseling van Constantijn Huygens”.
7. Eymael H.J.: Huygens-Studiën; Blom & Olivierse,  
 Kuilenburg 1886.
8. Gelder H.E. van: Kunstgeschiedenis der Nederlanden;  
 (Geen aanduiding van jaartal en uitgawe) W.de Haan N.V.;  
 Utrecht.
9. Gelder H.E. van: Rembrandt en de Heilige Schrift;  
 H.J. Becht, Amsterdam.
10. Gelder H.E. van: Rembrandt de Etser -- ditto.
11. Gelder H.E. van: Rembrandt Schilder van de Nachtwacht --  
 ditto.
12. Gelder H.E. van: Rembrandt en het Landschap -- ditto --
13. Gelder H.E. van: Rembrandt en Zijn Portret -- ditto --
14. Gelder H.E. van: Rembrandt en Zijn Tijd -- ditto --
15. Hoogewerf dr. G.J.: Verbeelding en Voorstelling --  
 „De ontwikkeling van het Kunstbesef”  
 Wêreldbiblioteek N.V. - Amsterdam 1939.
16. Houbraken Arn.: Konstschilders en Schilderessen;  
 bewerkt door P.T.A. Swillens, Deel I;  
 Leiter - Nypels n.v. in 1943.
17. Jorissen Theod.: Constantijn Huygens; (Eerste Deel);  
 M.A. Thieme, Arnhem, 1871.
18. Kalff G.: Constantijn Huygens; Tjeenk Willenk & Zoon,  
 Haarlem, 1901.
19. Kan, A.H.: De Jeugd van Constantijn Huygens, deur homself  
 beskryf; Ad. Donker; Antwerpen 1946.
20. Mander, Carel van: Het Schilderboek, 2de Uitgawe, 1943,  
 Amsterdam.
21. Martin W.: De Hollandsche Schilderkunst in de 17de eeuw;  
 Deel II, (Rembrandt & Zijn Tijd);  
 J.M. Meulenhoff, Amsterdam 1936.

22. Ozinga M.D.: Daniel Marot; A.J. Paris, Amsterdam 1936.
23. Slothouwer D.F.: De Paleizen van Frederik Hendrik,  
Leiden, 1945.
24. Verwey T.: Dicht en Prozawerken der voornaamste schrijvers  
van de 17de tot de 18de eeuw; no. 4;  
J.B. Wolters 1902.
25. Veth Jan: Rembrandts Leven en Kunst -- H.J. Becht,  
Amsterdam.
26. „Pen en Penseel“, maandblad vir Letterkundige kritiek,  
(byzonder nummer) onder leiding van A. Donker &  
R. Blijstra, 's-Gravenhage, 1947.
27. Worp J.A.: „De Gedichten van Constantijn Huygens“,  
Deel I-IX, Groningen, 1892.-1899.

\* \* \* \* \*